

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 2, No. 5

Vertalings saamgestel uit die *Tomorrow's World*- en *Living Church News*-tydskrifte



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Wie het die ANTWOORDE?

Kerkgangers raak rusteloos. Derduisende verlaat hulle kerke. Menige onlangse studies en opnames onder kerkgangers toon dat “kerkdom” — as 'n geheel — *nie* die antwoorde op die lewe se belangrikste vrae verskaf nie. Daar word nie aan mense die waarheid vertel oor **waarom** ons hier op aarde is nie, *wat* werklik na die dood gebeur en of God 'n *doel* uitwerk deur middel van oorloë, katastrofiese gebeure en nasionale omwentelings, wat regoor die wêreld plaasvind nie.

In sy onlangse boek, *How to Quit Church Without Quitting God*, het die gewilde spreker en godsdienstige skrywer Martin Zender gesê dat kerke mense nie bied wat hulle nodig het nie. Volgens 'n berig in die tydskrif *Insight* van 27 Mei 2002: “Iets is verkeerd in 'kerkland” sê Zender. “Mense soek vertroosting en antwoorde. Die rede waarom mense nou die kerk verlaat, is omdat hulle werklik ernstige vrae het oor waar hulle gestorwe dogter is en oor hoe die wêreld gaan eindig. Kerke bied musiekuitvoerings en kos, maar antwoord nie die vrae nie”.

Ons vertrou dat al ons lesers daarop sal let dat *Die Wêreld van Môre* beslis in hierdie opsig “anders” is, want ons gee reguit *antwoorde* — gerugsteun deur toepaslike feite en duidelike teksverse uit die Bybel. Ons beskou die Bybel as die *geïnspireerde Woord van God* en moedig ons lesers aan om dit vir hulleself te bewys. Die

werklike groot vrae in die lewe word nooit beantwoord deur die mens se redenasies, aannames en menslike voorstellings nie. Die werklike antwoorde word *onthul* deur die Skepper God in Sy “Handleiding” vir die mensdom, die Bybel.

Ons hoop dat u op entoesiastiese wyse sal voordeel trek uit ons noodsaaklike boekies oor fundamentele vraagstukke in die lewe. U sal oplet dat die aantreklike en maklik-om-te-lees boekies **gratis** aangebied word. Daar is nooit *enige* prys, opvolg of versoek vir geld nie. Boekies soos *Die Ware God: Bewyse en Beloofes*, kan u help om aan uself die bestaan van 'n Almagtige Skepper te bewys, wat ook in wêreldsake ingryp om Sy grootste doel uit te werk. Nog een van ons kragtige en inspirerende boekies, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*, gee 'n egte “sleutel” ten einde **eindtyd**gebeure te verstaan wat nou vinnig besig is om te gebeur. Ander lewensbelangrike boekies soos *Bou 'n vreugdevolle huwelik!* en *Twaalf sleutels tot verhoorde gebed*, kan u help om aan 'n dieper betekenisvolle verbintenis in u huwelik te bou en om 'n opregte verhouding met u Skepper te verdiep.

Verder bied ons (absoluut gratis) 'n merkwaardige *Bybelstudiekursus* aan. Hierdie uitstekende kursus kan sy studente help om feitlik al die lewe se fundamentele vrae te verstaan. Ek

moedig almal van u, wat werklik wil **verstaan** waaroor die lewe gaan, *ten sterkste aan* om vir hierdie stimulerende kursus in te skryf. *Dit is soos geen ander nie!* Hierdie kursus bestaan nie slegs primêr uit sentimente oor die persoon en opoffering van Jesus Christus nie — fundamentele punte waaraan baie lippediens gee, hoewel min mense dit verstaan. Ons *Bybelstudiekursus* bou eerder op daardie fondasie en kan u begrip open vir die *hele boodskap* van die Bybel en vir die grootste **doel** wat God hier onder uitwerk. Dit stel die student in staat om 'n werklike "gevoel" vir die Bybel te kry en die verband daarmee tot *elke vraagstuk in die lewe* te begryp.

Die almagtige God wat ons dien is **werklik**. Hy tree *nou* kragtig tussenbeide in wêreldsake — soos van ons in hierdie Werk oor dekades geprofeteer het. Hy orkestreer wêreldgebeure om die terugkeer van Jesus Christus as Koning van konings teweeg te bring (Op. 19:11-16). Met die leiding van Sy geïnspireerde Woord — *nie* menslike verbeelding nie — kan ons begin om die besonderhede van Sy plan en doel met hierdie geprofeteerde gebeure te begryp. Die hoofskrifte in ons koerante sal meer betekenis begin kry as ons voor ons oë die gebeure sien ontvou wat God voorspel het!

Deur God werklik te *ken* en om daaglikse kontak met Hom

Vervolg op bladsy 28

Inhoudsopgawe

Voorblad: Persoonlik

Wie het die ANTWOORDE?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek.

Hoofartikel.....3

Die waarheid wat byna niemand weet nie

Wat gebeur met 'n kind wat "ongerred" sterf? Is biljoene Moslems, Hindoes en anti-Christene vir ewig verlore?

'n Stryd van arende.....8

Amerika en Duitsland in profesie.

Profesieë word werklikheid.....13

Waarskuwings word geïgnoreer.

Na God se Eie hart.....15

Strewe na uitmuntendheid.....18

Die hantering van beproewings.....20

Vrae en Antwoorde.....24

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)

Bruce Tyler (Australië)

Gerald Weston (Kanada)

Douglas S. Winnail (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772

Canberra, ACT 2601

Tel: (07) 5546 0472

Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202

Toronto, Ontario, M9W 6L0

Tel: (905) 671-3730

Faks: (905) 671-9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland, New Zealand

Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774

Makati City 1257, Philippines

Tel: 63-2-813-6538

Faks: 63-2-867-1569

BRITTANJE:

P.O. Box 9092

Motherwell, ML1 2YD Scotland

Tel/Faks: 44-1698-263-977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Die waarheid wat byna niemand weet nie

Deur Roderick C. Meredith

Wat gebeur met 'n kind wat "ongerled" sterf? Wat gaan werklik gebeur met "oom Ben" wat tog so lief vir sy drankie was? Is biljoene Moslems, Hindoes en anti-Christene vir ewig verlore?

Die meeste van ons het afgestorwe vriende of familie wat nie geglo of enige vorm van Christenskap beoefen het nie. Waar *is* hulle nou? *Wat* sal hulle uiteindelijke lot wees?

Eerlikwaar, die hoofstroom-Christendom het nie die antwoorde nie!

Die meeste predikante skep die indruk dat God nou "probeer" om *almal* "te red". Hy word byna voorgestel as 'n arme jaghond wat biljoene mense, wat nie in enige vorm van Christenskap glo nie, te probeer uitsnuffel en "red". Die meeste outydse kerke wat die Bybel erken, verkondig hierdie konsep reeds vir eeue. Die moderne, "liberale" kerke wat die Bybel nie letterlik interpreteer nie, omseil die probleem deur te sê dat God almal sal red wie se "hart reg is" of wat hulle godsdiens (*wat dit ookal* is!) met "opregtheid" beoefen.

Sal Hy dan wêrelik doen wat hulle verwag?

Indien u die *regte* antwoord wil hê oor wat sal gebeur, moet u *glo* wat die Bybel — die geïnspireerde openbaring van die Skepper God — *werklik sê*. Indien u nie die Bybel glo nie, dan is een persoon se "idee" of "teorie" so goed as die van die volgende persoon sin. Is u

bereid om u verstand oop te maak en te glo wat die *Bybel werklik sê*?

Waar gaan die dode heen?

Die outydse predikante sê aan mense dat hulle onmiddellik hemel of hel toe gaan wanneer hulle doodgaan, maar die Bybel sê *niks van die aard nie*! Jesus sê: "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die **aarde** beërwe" (Mat. 5:5). Verder sê Jesus ook: "Niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het" (Joh. 3:13).

Soos ons al dikwels in hierdie tydskrif verduidelik het; die werklike "doel" van die ware Christen is nie om vir ewig in die hemel "rond te hang met **niks** om te doen nie". Werklike Christene is nou besig met "opleiding" om konings en priesters te word op *hierdie aarde*, om Jesus Christus te help om God se *ware weë* aan die wêreld te leer en om uiteindelik werklike *vrede* en *vreugde* te bring. Soos die geïnspireerde gebed van die heiliges dit stel: "U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons

konings en *priesters* vir onse God gemaak, en ons sal as konings *op die aarde heers*" (Op. 5:9-10).

Die Bybel maak dit baie duidelik dat ware Christene, wat gesterf het, nou wag vir die *opstanding* wat sal plaasvind by Christus se Wederkoms. 1 Korintiërs 15 word die "opstandingshoofstuk" genoem omdat dit die opstanding deeglik beskryf! Lees 1 Kor. 15:21-23: "Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms".

Jesus sê reguit: "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die dode die stem van die Seun van God sal hoor; en die wat dit gehoor het, sal lewe ... Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die **opstanding** van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die **opstanding** van die veroordeling" (Joh. 5:25, 28-29).

Bogenoemde teksverse behoort dit baie duidelik te maak dat die “dode” werklik **dood** is — nie in die hemel rondsweef of in die hel brand nie! Selfs die dooies wat “goed gedoen het”, wag die “opstanding van die lewe” af (vers 29). Enige ander verduideliking weerspreek letterlik dosyne ander, duidelike teksverse. Jesus self sê dat “die Skrif **nie** gebreek **kan word nie**” (Joh. 10:35).

Wat dan van die **biljoene** mense wat na God se beeld gemaak is, wat **nooit** 'n werklike geleentheid gehad het om te hoor van die Christus van die Bybel en om Hom as hulle Verlosser te aanvaar nie? Het God dubbele standaarde? Het Hy 'n “ander manier” om ewige lewe te bekom? Of is dit nou maar jammer vir daardie biljoene mense omdat 'n ongenaakbare God “gunsteling” het en vir sommige mense 'n “kans” gee, terwyl ander *hoegenaamd geen kans* kry nie?

Kom ons wees **realisties!**

Die *waarheid* is beslis nie wat u geleer het in hoofstroom “Christendom” nie. Tog is dit wonderlik en betekenisvol vir diegene wat verstaan. Dit word ook nie gevind in 'n boek anders as die Bybel of 'n teorie deur 'n selfaangestelde profeet nie. Dit was nog al die tyd daar, in *u eie Bybel*. Dit is die *Waarheid* waarvan byna niemand weet nie!

God probeer NIE nou om die wêreld te red nie!

U Bybel maak dit baie duidelik

dat hierdie **nie** God se wêreld is nie. Dit is **nie** die stelsel of samelewing wat God die Skepper gevestig het nie. Nee, God het eerder aan die mens 6,000 jaar gegee onder die invloed van Satan, die duiwel, om sy eie gang te gaan, om sy eie idees te probeer en om moeilike lesse deur *menslike lyding* te begin leer. Die Apostel Paulus skryf: “Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne **verblind** het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Kor. 4:3-4).

Later was die Apostel Johannes geïnspireer om te skryf: “En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, *wat die hele wêreld **verlei [mislei]***” (Op. 12:9). Was Johannes reg? Is die “hele wêreld” werklik **mislei**? Natuurlik *weet* 'n waarlik “misleide” persoon *nie* dat hy mislei is nie. Andersins sou hy nie mislei gewees het nie!

Onthou Jesus se stelling aan Sy dissipels: “Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want die **owerste** van hierdie wêreld kom en het aan My **niks** nie” (Joh. 14:30). Net soos die apostel Johannes geskryf het aan die ware Christene van Sy tyd: “Ons weet dat ons uit God is en die **hele wêreld** in die mag van die Bose lê” (1 Joh. 5:19).

As die *hele wêreld* dus “verblind” is, soos Paulus skryf

en die hele wêreld mislei is, soos die apostel Johannes skryf, verduidelik dit sekerlik waarom **biljoene** mense nog **nooit** die ware Evangelie gehoor het nie! Sal 'n regverdige God hulle dan net in die graf los of hulle in 'n ewigbrandende vuur *verbrand*?

Natuurlik nie!

Verstaan asseblief dat dit net 'n kwessie is van **wanneer** God verkies om elke individu te “roep” tot werklike kennis van die Waarheid en 'n werklike geleentheid tot redding. *Almal* sal uiteindelik geroep word. Let daarop, toe van die Heidene vir die eerste keer geroep is, het die apostel Petrus gesê: “Ek sien waarlik dat God **geen aannemer van die persoon is nie**, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is” (Hand. 10:34-35). Paulus het ook gesê: “Want daar is **geen aanneming van die persoon** by God nie” (Rom. 2:11).

Dit is waarom Jesus in gelykenisse gepraat het teenoor almal behalwe Sy persoonlike dissipels: “En Hy sê vir hulle: Aan julle is dit gegee om die verborgenheid van die koninkryk van God te ken, maar vir hulle wat buite is, kom alles deur gelykenisse, sodat hulle kan kyk en kyk, en nie sien nie; en hoor en hoor, en nie verstaan nie, dat hulle hul nie miskien bekeer en die sondes hulle vergewe word nie” (Mark 4:11-12). Die Bybelse waarheid is direk die teenorgestelde van wat die meeste van ons in die Sondagskool of kerk geleer het — dat Jesus in

gelykenisse gepraat het, sodat “almal kon verstaan”. Inteen-deel, die **teenoorgestelde** is waar! Jesus het in gelykenisse gepraat sodat die algemene publiek **nie** sou verstaan nie! Jesus het nie probeer om *in daardie tyd* die wêreld te bekeer nie.

Ons sien dus dat God **nie** “probeer” om nou — *in hierdie tyd* — die wêreld te “probeer” bekeer nie; andersins sou Hy dit **gedoen het!** Een van God se name is “El Shaddai”, **God die Almagtige. Niks** kan God dus daarvan weerhou om die wêreld te bekeer, indien dit Sy werklike bedoeling is nie!

Wat God NOU bereik

Die apostel Petrus was geïnspireer om vir ons te sê: “Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag. Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom” (2 Pet. 3:8-9).

Sien u?

God is nie “haastig” met die uitvoering van Sy groot doel nie. Op Sy tyd — **nie** ons s'n nie — wil God hê dat “almal” tot **bekering** moet kom. Hy dui aan dat Sy plan oor *duisende* jare bereik sal word! Onthou weer eens dat God **nie** *nou* probeer om die wêreld te red nie. Hy veroordeel egter nie almal wat **mislei** is deur Satan, die duiwel,

die “god van hierdie wêreld” vir wie God die Skepper toegelaat het om in hierdie tyd die wêreld te beïnvloed en regeer nie.

Onthou hoe God die bese stede van Sodom en Gomorra “veroordeel” het deur hulle “tot as te verbrand” en hulle “as 'n voorbeeld gestel het vir die wat in die toekoms goddeloos sou wees” (2 Pet. 2:6). Wanneer 'n mens egter verstaan, besef jy gou dat daardie seksperverte **verblind** was vir die waarheid en die *ware God* nie geken het nie. Hoe sal God dus uiteindelik te werk gaan met daardie verblinde mense wat **nooit** 'n ware kans tot redding gehad het nie?

In Matteus 11 verduidelik Jesus hoe die stede in Sy tyd geweier het om die Waarheid te hoor: “Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige daade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het. Maar Ek sê vir julle, dit sal vir Tirus en Sidon verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir julle” (verse 21-22). Jesus het toe 'n merkwaardige stelling gemaak: “Maar Ek sê vir julle dat dit vir die land van Sodom verdraagliker sal wees in die **oordeelsdag**” (vers 24). Daar kom dus 'n “oordeelsdag” wanneer dit “verdraagliker” sal wees vir Sodom en Gomorra as vir die stede in Jesus se tyd. Jesus *erken hier duidelik* dat daardie ou stede nie 'n werklike geleentheid tot redding gehad het nie. Die Waarheid is **nooit** aan hulle aangebied nie. Hulle het **geen kans** gehad nie!

God het die apostel Paulus geïnspireer om die volgende van die Heidene in Efese te sê: “Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis in die vlees met hande verrig word, dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, **sonder hoop** en **sonder God** in die wêreld” (Ef. 2:11-12). Die absolute *waarheid* is dat God die meeste mense “toegelaat” het om hulle eie gang onder Satan se invloed vir die laaste 6,000 jaar te gaan. Die Almagtige God het **nie eens probeer** om hulle te “red” nie; andersins sou hulle *gered gewees het!* Hy het 'n “oordeelsdag” beplan — **nie** 'n “dag van verdoemenis” nie — sodat daardie **biljoene** mense 'n *werklike* geleentheid tot redding sal kry en dan “geoordeel” sal word volgens wat hulle doen, in daardie tyd wat hulle oë werklik vir die Waarheid “geopen” word!

Hoe sal hulle gered word? God se geïnspireerde Woord is *baie duidelik* deur te sê dat die **enigste** weg tot ewige lewe deur Jesus Christus is! Jesus self het gesê: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie nie by die deur in die skaapstal ingaan nie, maar van 'n **ander kant** af inklim, hy is 'n dief en 'n rower ... Jesus het toe weer vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, **Ek is** die **deur** van die skape. Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister

nie” (Joh. 10:1, 7-8). Jesus **verdoem** hier baie duidelik enige “ander weg” tot ewige lewe! God alleen kan vir ons ewige lewe gee. Hy stel die voorwaardes — **nie** misleide mense wat sentimentele gedagtes het oor vals “Christendom”, Hindoïsme, Boeddhisme, Islam, “Nuwe Era”-teorië of enige ander idee of teorië van mense nie!

Die apostel Petrus was geïnspireer om dit uitdruklik te stel: “Laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat deur die Naam van **Jesus Christus**, die Nasaréner, wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan. Hy is die **steen** wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het. En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook **geen ander naam** onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie” (Hand. 4:10-12).

Die Wit Troon Oordeel

Ons het vroeër gelees dat op die geprofeteerde “oordeelsdag” dit “meer draaglik” sal wees vir die Sodomiete, as vir die mense van Jesus se tyd wat Hom persoonlik verwerp het. Die geïnspireerde evangelie van Lukas voeg besonderhede by Matteus se weergawe. In Lukas 10:13-14 sê Jesus Christus: “Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in julle

plaasgevind het, sou hulle lankal in sak en as gesit en hulle bekeer het. Maar vir Tirus en Sidon sal dit in die oordeel **verdraagliker** wees as vir julle”.

Die duidelike aanduiding is dat, aangesien antieke Tirus, Sidon en Sodom nie 'n werklike geleentheid gehad het om die Waarheid te leer nie, hulle nie verantwoordelik gehou sal word aangesien hulle verblind was nie. In werklikheid stel Jesus dit dat Hy weet dat hulle hulle “*sou bekeer het*” (vers 13) indien hulle Jesus se groot werke gesien het.

Aangesien God nie 'n **aansiener des persoon** is nie, mag u wonder: *wanneer* en *hoe* sal hierdie antieke heidenstede en die ander **biljoene** ewe verblinde mense, 'n *werklike* geleentheid gegun word om God se doel in die lewe te verstaan en om redding te bekom? Praat die *Bybel* ooit van so 'n tyd?

Ja, definitief! Die boek Openbaring gee die tydsverloop van profetiese gebeure duideliker aan as enige ander Bybelboek. Openbaring 19:11-21 beskryf Christus se terugkeer in volle glorie, as Koning van konings (verse 14-16). Ná die vernietiging van die leëmagte van die komende Europese diktator wat “die Dier” genoem word, werp Christus hom en die komende vals godsdiensteier in die “Poel van Vuur” (vers 20).

God beskryf dan 'n magtige engel wat aarde toe kom: “En hy het die draak gegryp — die ou slang wat die duivel en die Satan is — en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die

afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei [mislei] totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word” (Op. 20:2-3). Let wel, hierdie verse sê ook vir ons dat Satan die nasies van hierdie wêreld **mislei** het!

Nadat Satan gebind is, begin die heerlike milleniale heerskappy van Christus op aarde. Met verwysing na daardie tyd, wys Openbaring 20 dat die ware heiliges “geleef en as konings geregeer [het] saam met Christus die duisend jaar lank” (vers 4). Dan word daar vir ons gesê: “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings **regeer** duisend jaar lank” (vers 6).

Ware Christene wat werklik deur God “geroep” is, *verstaan Sy doel*. Hulle weet dat hulle nou “met opleiding” besig is om konings en priesters te word in Christus se komende regering op aarde — dat hulle *selfs oor engele sal heers* (1 Kor. 6:1-3)! Die komende milleniale regering van Christus en die heiliges (Dan. 7:26-27) sal 'n fantastiese geleentheid wees om die menigte verwarde mense op aarde te help, te bemoedig en te leer aangaande God se ware weë.

Wat gebeur dan met die **biljoene** “verblinde” mense wat voor die Mellinium sterf, wat

nooit die ware God en Sy Plan geken het nie? Besef tog dat dit baie **miljoene** belydende Christene insluit, wat nou leef en nooit werklik bekeer het nie! Dit sluit *miljoene* jong mense wat nooit lank genoeg geleef het om te verstaan, werklik berou te hê en in genade te **groeï** in God se kennis nie, in. Dit sluit *miljoene* welmenende maar swak mense met al hulle probleme in, wat hulleself “Christene” mag noem maar wat **nooit** werklik verstaan het en hulle aan God oorgegee het nie.

Na die beskrywing van 'n relatiewe kort tydjie wat Satan weer uit sy gevangenis losgelaat word en weer eens gou 'n menigte mense mislei (Op. 20:7-10), begin God se Woord aan ons vertel van die Groot Wit Troon Oordeel-periode. Kyk eers vir 'n oomblik terug na vers 5. Hier, ingevoeg as 'n terloopse opmerking, na die beskrywing van die duisendjaar regering van die heiliges, sê God se Woord: “En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie”.

Die “ander” dode? Ja! Die **biljoene** mense van die verlede wat nooit tot redding “geroep” was nie en daarom noodwendig nie **enige kans** gehad het om in die eerste opstanding te wees nie.

Kyk in Openbaring 20:11-12: “En ek het 'n **groot wit troon** gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en

groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is **geoordeel** na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke”.

'n Tyd van werklike BEGRIP

Hier vind ons 'n beskrywing van moontlik die **wonderlikste** gebeurtenis in die menslike geskiedenis, 'n tyd wanneer **alle** mense — onbekendes, gewildes en ongewildes — werklik sal verstaan waarom hulle gebore is! Hierdie mense wat voorheen dood was, word gesien waar hulle “voor God staan” — duidelik in 'n **opstanding**. Dan word die “boeke” geopen. Die woord “boeke” is hier vertaal vanaf die Griekse woord *biblion*, dieselfde woord vertaal as “Bybel” — wat beteken die *boeke van die Bybel!*

Uiteindelik, sal die boeke van die Bybel vir al hierdie voorheen verblinde mense *van oor die eeue heen* — insluitend dié van **ons tyd** — se begrip vir hulle “oogmaak” word. Die sluier wat in die verlede daarvoor was, sal dan **vernietig** word! Uiteindelik sal daardie mense hulle eerste *ware* geleentheid kry om God te *ken* en om te besluit of hulle hul wil bekeer en die ware Christus as Here en Verlosser aanvaar, of om hulle eie gang te gaan.

Openbaring beskryf dan die opening van 'n ander boek — die Boek van die Lewe. Paulus beskryf die heiliges as hulle wie

se name in die “Boek van die Lewe” geskryf is (Fil. 4:3). Openbaring 21:27 beskryf die Nuwe Jerusalem, bewoon deur “net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam”.

Die geleentheid tot ewige lewe word uiteindelik aangebied aan daardie menigte mense “groot en klein”. Hulle word opgewek tot *fisiese lewe*, moontlik vir 'n tydperk van 100 jaar — lank genoeg vir 'n behoorlike geleentheid om te leer en te groei, om getoets en beproef te word ten opsigte van hulle bereidwilligheid om die ewige lewe volgens die weg van God te leef (Jes. 65:20). Hulle sal geroep word en 'n geleentheid gebied word om die Bybel te bestudeer en te verstaan. Dan — slégs dan — sê God dat hierdie opgewekte mense “geoordeel [is] na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke” (Op. 20:12). Uiteindelik, na 'n *werklike* kans om die waarheid te ken en daarop te reageer, word hierdie mense geoordeel volgens hulle reaksie op en hulle gehoorsaamheid aan die leringe van die boeke van die Bybel. Jakobus was geïnspireer om vir ons te sê: “Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself **dood**” (Jak. 2:17).

Moet geen fout maak nie: **indien** hierdie biljoene voorheen **verblinde** individue geoordeel word slegs volgens die werke van hulle vorige lewens — baie van hulle as diewe, prostitute, diktators en vals profete — sal hulle almal sekerlik vergaan in

Vervolg op bladsy 25

'n Stryd van Arende

Deur Douglas S. Winnail

Amerika en Duitsland in Profesie

Die meeste verslaggewers en nuuslesers word daarvan bewus dat die wêreld 'n al hoe meer gevaarlike plek word. Nóg die Verenigde Nasies, nóg Amerikaanse kragvertoon, het tweedrag voorkom of die groot probleme opgelos wat die mensdom in die gesig staar. Min mense besef vandag dat gewigtige en algeheel onverwagte gebeure net oorkant die horison lê en wag. Selfs buitelandse beleids-deskundiges, wat potensiële gevare in die toekoms sien, erkendat hulle nie 'n duidelike beeld het van wat die toekoms inhou nie. Bybelse profesieë openbaar egter in ooglopende besonderhede ontnugterende gebeure, wat op die punt is om te ontvou, op die wêreldtoneel.

Wêreld-skuddende veranderinge gaan Europa én Duitsland tot die middelpunt van die wêreldtoneel slinger. Hierdie skielike en verrassende ontwikkelinge gaan ernstige gevolge inhou vir Amerika, Brittanje en die mense wat van Noord-Westelike Europese lande afkomstig is. Hierdie gebeure ontwikkel volgens 'n plan en vir redes wat God lank gelede reeds in die Bybel omskryf het. Hierdie dramatiese verandering in wêreldgebeure is voorspel om Christus se terugkeer na die Aarde vooraf te

gaan. U het nie net nodig om te verstaan wát gaan gebeur nie, maar ook waaróm. U kan dit nie bekostig om die rigting waarin die wêreld beweeg, te ignoreer nie.

Verontrustende Ooreenkomste

Sosiale en politieke toestande in Europa begin vandag op 'n onheilspellende dog onmiskenbare manier, toestande naboots wat bestaan het nêr voor die uitbreek van die twee vorige wêreldoorloë. In beide die twee voor-oorlogse tydperke was daar 'n toename in maatskaplike onenigheid, ondoeltreffende pogings deur geleerdes en liberale politici om probleme op te los en 'n groeiende ontevredenheid onder die algemene publiek teen leiers wat uit voeling was met die bevolking. Beide tydperke het die totstandkoming van opswepers met grootse planne en idees gesien wat as kampioene van die ontevrede en ontnugterde massas voorgekom het. Die jare wat die eerste Wêreldoorlog voorafgegaan het was geëtiketteer as 'n tydperk van "senuagtige glans" en die jare voor die tweede Wêreldoorlog as "onrustige kalmte". Gedurende hierdie onbestendige tye het baie

mense ontvlugting gesoek in ligsinige vermaaklikhede, terwyl ánder leiers gevolg het wat idealistiese beloftes gemaak het.

Dieselfde kragte is weer besig om vandag na vore te kom — veral in Europa, wat toenemend bekommerd raak oor misdaad, werkloosheid, politieke korrupsie en vreemdeling immigrasie. In Westelike Europa voel baie bedreig deur vreemdelinge wat oor hulle grense stroom op soek na politieke asiel, werk, mediese dienste en ander voordele. Liberale politici word gesien as korrup en onbekwaam (vgl. *Newsweek*, April 19, 2002, bl. 12-16). Demokratiese prosesse kom lomp en ondoeltreffend voor. Godsdienste is ontoepaslik vir 'n toenemende getal mense en morele waardes verkrummel. Verdraagsaamheid, paaierie en oproepe tot rede het nie al die mensdom se probleme opgelos nie. Historikus Richard Overly skryf dat "daar weer eens in Europa 'n siniese verwerping van parlementêre politiek is en 'n groeiende wantroue in politici ... Europa moet intens bekommerd wees oor die snelle opkoms van die vêr Regses" — wie se kandidate weer eens inbreuk maak op politieke mag (*Evening Standard*, Junie 15, 2002). 'n Klimaat van frustasie en

begeerte tot verandering kom weer na vore, net soos voor die tweede Wêreldoorlog.

Die globale stryd van 1914 tot 1917 het ryk, uit-voeling-regeringstelsels in Rusland, Duitsland, Oostenryk-Hongarye en Turkye tot 'n val gebring. Ondoeltreffende pogings van liberaal-demokratiese leiers het die opkoms van diktators en militariste in Duitsland, Italië en Japan bevorder; wat die wêreld in 1939 tot in die tweede Wêreldoorlog gedryf het. Vandag wonder baie: gaan liberale, demokratiese, selfhelp, elite politici vervang word met *meer outoritêre* leiers? Gaan wêreldmagte wat die wêreld vir 'n paar eeue gelei het — Amerika, Brittanje en Frankryk — kragdadig uitgedaag word, deur nuwe teënstanders op die wêreldtoneel? Kan Amerika, die wêreld se enigste supermoondheid, val? Gaan Duitsland, vir die derde keer in 'n eeu, probeer om Europa én die wêreld te oorheers? Niemand weet blykbaar nie, maar die geskiedenis gee belangrike insigte — én die Bybel openbaar wesenlike antwoorde!

Ontnugterende Lesse

Presies wat kan ons ontdek deur na die verlede te kyk? Dat ons eenvoudig so in ons moderne geslag daarop fokus om in die huidige te leef, dat ons vergeet die geskiedenis is geneig om homself te herhaal. Die gevolg is dat ons geen rede sien om lesse uit die geskiedenis te leer nie. Die Duitse skrywer,

Peter Schneider, waarsku egter dat “die geskiedenis homself wel herhaal, *maar slegs na 'n verandering van kostuum*” (*The German Comedy*, bl. 179). Om te verhoed dat ons foute van die verlede herhaal, moet ons wakker wees vir ou tendense en neigings wat weer mag opduik, maar in 'n ietwat ander vorm.

Historici het opgemerk dat “die pad na oorlog [die tweede Wêreldoorlog] ... uitgelê was met *patrone van staatsoptrede wat eeue oud is*” (*Civilization Past & Present*, Wallbank, et al., 6th ed., bl. 854). Ondanks verdragte wat onderhandel was en lippetaal aan die Volkebond, het “*elke staat sy eie beste belang gesoek* in die ingewikkelde na-oorlogse [eerste Wêreldoorlog] landskap” (*ibid.*, bl. 843). Die gevolg was, “om te verwag dat twintigste-eeu state geensins anders sou wees as hulle ewebeeld in vorige tye, was *om aan te neem* dat daar 'n groot verandering in politieke gedrag plaasgevind het, wat eenvoudig nie gebeur het nie” (*ibid.*, bll. 841-842). **Die gedragspatroon wat nasies oor eeue ten toon gestel het, is 'n rigsnoer van hul toekomstige optrede!** Dit is waarom dit so belangrik is om lesse uit die geskiedenis te verstaan.

Aan die einde van die tweede Wêreldoorlog het Winston Churchill 'n ses-volume geskiedenis van die oorlog geskryf, insluitend gebeure wat tot die begin van die vyandighede gelei het. Sy doel was “om die lesse van die verlede voor die toekoms te lê”

(*The gathering Storm*, bl. iv). Hy het geskryf: “Ek hoop van harte dat *deur die verlede te bepeins leiding sal gee vir die dae wat kom ... vir 'n nuwe geslag* (*ibid.*, bl. v). Churchill het geweet waarvan hy praat, want hy het sy eie geslag gewaarsku in 1934 — vyf jaar voor die uitbreek van die tweede Wêreldoorlog — dat “*geen lesse uit die verlede is geleer nie, nie een van hulle is toegepas nie, en die situasie is onvergelykbaar meer gevaarlik*” (*ibid.*, bl. 93). Om die toekoms van Duitsland te kan verstaan, moet ons sy historiese posisie in Europa en sy voorneme verstaan.

Duitsland se Sleutelposisie

As gevolg van Duitsland se grootte, geografiese posisie en die geaardheid van sy mense, hou sy doelwitte, voornemens en optredes wydverspreide gevolge in vir Europa en die wêreld. Die Italiaanse joernalis, Luigi Barzini, het amper 20 jaar gelede geskryf dat “dit vandag wil voorkom asof die toekoms van Europa ... soos dit reeds vir baie eeue was ... afhang van die toekoms van Duitsland ... en van Duitsland se besluite” (*The Europeans*, bll. 69, 267). Barzini se waarnemings was gebaseer op die feit dat Duitsland “weer eens die rykste, sterkste, mees doeltreffende, ordelike, produktiewe, wetenskaplik en tegnologies gevorderde, asook die mees volksryke nasie van Westelike Europa geword het” (*ibid.*, bl. 69). Die vereniging van Duitsland in 1989 het 80 miljoen

Duitsers in die hart van Europa gekonsentreer. Met die voorgestelde uitbreiding van die Europese Unie na die Ooste ('n tradisionele gebied van Duitse belangstelling en invloed), sal Duitsland die geografiese middelpunt word van 'n opkomende Europese reus, wat Amerikaanse oppergesag sal uitdaag.

Huidige gebeure in Europa weerspieël ook 'n neiging soos beskryf deur Samuel Huntington, 'n Harvard Universiteit deskundige van internasionale verhoudings. Huntington skryf dat in die opkomende wêreld van globale politiek, “*kern-state* van die hoof beskawings die twee Koue Oorlog supermoondhede [die Verenigde State en Soviet Unie] vervang, as pole van aantrekking en wegstoting van ander lande” (*The Clash of Civilizations and the Remaking of World Order*, bl. 155). Hy omskryf 'n kern-staat as “die sterkste, kulturele middelpunt staat” in 'n streek, kultuur of beskawing en meld dat Frankryk en Duitsland kern-state in Europa is (*ibid.*, bl. 135). Frankryk en Duitsland het oor die eeue heen 'n wipplank stryd gevoer om Europa te oorheers. Vandag is die Franse ster aan die kwyn, terwyl die Duitse ster aan die opkom is. Buitelandse beleidsontleider, John Newhouse, sien Duitsland as “die mees belangrikste lid van die EU” wat die dinge in Europa begin beheer (*Europe Adrift*, bl. 301). Terwyl hy die gevolgtrekking maak “soos

Duitsland gaan, so gaan Europa” (*ibid.*, bl. 301), waarsku hy ook dat “die nuwe Duitsland ... *besig is om die probleem te word ... onder die oppervlak ... 'n nuwe tendens, of neiging, is stadig besig om vorm aan te neem ... by een of ander punt gaan dit [Duitsland] kragtig poog om die gaping te oorbrug met die wêreld se pasaangeërs en mag selfs baie goed daarin slaag*” (*ibid.*, bl. 152). *Wat is Duitsland se bedoelings dan en waarheen is dit oppad?*

Duitsland se Voornemens

As ons oë het om te sien, is dit nie te moeilik om te ontdek wat die voornemens van die Duitse leiers is nie. In 'n ontnugterende waardebepaling van die verlede, het militêre geskiedskrywer John Laffin gedokumenteer hoe, vir amper 20 jaar voor die uitbreek van die tweede Wêreldoorlog, Hitler se “toesprake en geskrifte, sy dae en gebare en sy *bedoelings duidelik maak het*”. Wêreldleiers in die 1930's het egter gefaal om hierdie openbare bewyse ernstig op te neem (*Hitler Warned Us*, jacket). Hitler se *Mein Kampf* wat in 1925 gepubliseer was, omskryf sy doelwitte om Duitsland tot sy regmatige posisie as voorste nasie op die aarde te herstel, om die Jode en ander ondergeskikte rasse te elimineer, om meer *lebensraum* — lewensruimte — vir Duitsland te skep en om alle Germaanse mense in een Groter Duitse Ryk saam te voeg. Soos Laffin uitwys, “*hierdie*

beloftes was waarskuwings wat ons, totdat dit te laat was, *verkies het om te ignoreer*” (*ibid.*, bl. 157). Een les van die geskiedenis is dat ons versigtig moet luister na wat invloedryke Duitsers sê en doen, omdat hulle woorde en dae vandag klinkklaar voor ons lê!

Franz Joseph Strauss, 'n vorige Duitse minister van verdediging en finansies, het in 1965 'n oorsig gegee van sy idees oor die toekoms van Duitsland en Europa. Dit is insiggewend om na sy vooruitskouing te kyk in die lig van wat vandag gebeur — hoe dit Duitse voornemens weerspieël. Duitsland was die afgelope jare die “leidende apostel” vir 'n Verenigde Europa. Strauss het verduidelik: “Duitsland benodig Europa méér as enige ander land ... dit het in die Europese idee nie net 'n manier gesien om te vergoed vir die onmiddellike verlede nie [om twee Wêreldoorloë te begin], maar 'n *eerbare uitlaat vir sy formidabele energie*. Deur by te dra tot die vorming van 'n Europese Federasie vind Duitsland self 'n *nuwe identiteit*” (*The Grand Design*, bl. 9). Strauss het gesien dat deur 'n Verenigde State van Europa te skep, “Europa weer die geskiedkundige rol kan vervul wat dit begin verloor het aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog ... as ons terugkyk na die Europese kontinent van 1914, moet ons onthou *dat dit die spilpunt van die wêreld was ... die toppunt van glansrykheid op hierdie aarde*” (*ibid.*, Bll. 40,

92). Strauss het 'n pragtige ontwerp vir 'n vreedsame Europa gehad, maar Duitse leiers besef dat die pad na Europese eenheid, ook 'n *pad na mag en glorie* is — 'n doel waarna Duitsland gestreef het vir eeue!

Strauss het ander ontnugterende aanmerkings gemaak. Hy het verklaar dat “die tydvak van kragpolitiek *nog nie tot 'n einde gekom het nie* ... ons moet 'n nuwe beginpunt kry wat *die politieke aangesig van die wêreld verander ... en elke geleentheid aangryp* soos dit na vore kom” (*ibid.*, bl. 12, 24). Dit is hoe die vorige Duitse Kanselier, Helmut Kohl, die hereniging van Duitsland benader het: terughouding en dan beweging wanneer die tyd reg was. Die skielike vereniging van die twee Duitslande het die wêreld verbaas! Strauss het ook verklaar dat, aangesien Duitsland die derde grootste ekonomiese krag in die wêreld is, “*die tyd moet kom* wanneer daardie ekonomiese krag *politieke uitdrukking* soek op die wêreldtoneel” (*ibid.*, bl. 77). Hy het openlik verklaar dat dit “baie makliker vir Duitsland sal wees om 'n *terugkeer* te maak as 'n lid van 'n internasionale familie, as lid van 'n Europese Federasie, dan as 'n Duitse Ryk” en dat “ons Europese benadering die *enigste ontsnapluik* is wat ons gehad het” (*ibid.*, bl. 104).

Nêrens is die herlewing van Duitsland meer duidelik as in die trillende, polsende stad Berlyn nie — die geskiedkundige hoofstad van Duitsland sedert

die dae van die Pruisiese keisers. Hierdie eens uitgebombardeerde stad, wat doelbewus verdeel was deur die seëvierende geallieerde nasies na die tweede Wêreldoorlog, het uit die as verrys en is besig om die mees moderne hoofstad in Europa te word. Die Reichstag is herontwerp en herbou. 'n Glinsterende nuwe Kanselary staan op die bank van die Speerivier en indrukwekkende nuwe regeringskantore nader voltooiing. Reuse konstruksiekrane oorheers die stadsprofiel van Berlyn en sy moderne vervoerstelsel is die mees uitgebreide van enige Europese stad. Hierdie wedergebore hoofstad, wat op 'n grootse skaal uitgelê is, is 'n krediet tot hardwerkende Duitsers en hul visie. Dit verteenwoordig ook die uitdaging om 'n hoofstad te skep wat “Duitsland se ambisie en strewe weerspieël” (*Foreign Policy*, Summer 1998, bl. 145). Menigte wonder: waarheen lei hierdie aspirasies uiteindelik?

Duitsland se Geprojekteerde Toekoms

Bybelse profesieë en buitelandse beleidsdeskundiges verskaf beide ontnugterende waardebepalings van Duitsland se toekomstige rigting. Sedert die einde van die tweede Wêreldoorlog was Duitsland tevrede om saam met Frankryk te werk om 'n Europese Unie te bou. Hierdie reëling van gerieflikheid en noodsaaklikheid is egter aan die verander. Duitsers begin geïrriteerd raak

oor hulle finansiële bydrae tot die Europese skatkis om ander nasies in Europa te moderniseer. Duitsland raak ook moeg daarvan om hom kleiner voor te doen sodat Frankryk groter kan vertoon en jonger Duitsers wil ook beleidsrigtings volg wat meer in Duitsland se belang is. Dit is nie verbasend nie, aangesien Duitsland die sterkste nasie in Europa met die grootste bevolking is.

Otto von Bismarck, die skrandere Pruisiese staatsman, het jare gelede reeds opgemerk: “Ek het altyd die woord 'Europa' gekry uit die mond van daardie politici wat iets van ander moonthede wil hê, waarop hulle nie durf aandring in hulle eie naam nie” (*Statecraft*, Thatcher, bl. 325). Ander het geskryf: “Duitsland het altyd eiebelang beleidsrigtings nagevolg in verband met Europa” (*The German Predicament*, Markovits & Reich, bl. 204). 'n Vorige V.S.A. Nasionale Veiligheidsraadgewer, Zbigniew Brzezinski, het opgemerk dat “deur homself vry te koop met Europa, herstel Duitsland sy eie grootheid, terwyl hy 'n sending kry wat nie outomaties Europa se afkeer en vrees teen Duitsland sal mobiliseer nie” (*The Grand Chessboard*, bl. 63). Hy waarsku egter dat as die dryfveer om Europa te verenig weifel, “sal Duitsland waarskynlik meer aanmatigend en beslissend uitdrukking gee aan die omskrywing van sy *nasionale* belang” en probeer om sy historiese rol van “*orde* in Europa *skep*” te laat geld (*ibid.*,

bll. 73-74). Brzezinski voorsien die herverrysing van *Mitteleuropa* onder die invloed van Duitsland — soos in die Middeleeue gedurende die Heilige Romeinse Ryk. 'n Beleidskrif wat vrygestel is deur Duitsland se regerende politieke partye kom essensieel tot dieselfde gevolgtrekking: “As Europese integrasie nie vorder nie, mag Duitsland daartoe geroep word, of deur sy eie veiligheidsbeperkinge versoek word, om die stabilisasie van Oos-Europa op sy eie en op die tradisionele wyse te probeer bewerkstellig” (CDU/CSU skrif, *Reflections on Europe*, Sept. 1, 1994). Duitsland se tradisionele metodes het vernietigende gevolge vir ander nasies gehad. Wat hou dit vir die toekoms in?

Duitsland in Profesie

Dosyne profesieë fokus op die gebeure wat gaan plaasvind net voor Jesus Christus se terugkeer na die Aarde. Hierdie lank-voorafvertelde gebeure kom ooreen met wat vandag op die wêreldtoneel ontwikkel. Die apostel Paulus skryf “dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom” soos mense selfbehep, selfsugtig, toenemend onbeleefd en op die najaag van persoonlike plesier toegespits raak (2 Timotheus 3:1-5). Jesus voorspel dat Sy terugkeer — en die einde van die tydvak — voorafgegaan sal word deur 'n tyd van godsdienstige misleiding, sosiale anargie, oorloë, geweld en etniese twis

(Mattheus 24:3-14). Die apostel Johannes het die opkoms van 'n eindtyd “Dier” voorsien, aan wie tien “konings” (d.i. nasies of koninkryke), hulle oppermag sal afstaan (Openbaring 13:1-10; 17:12-14). Die profeet Daniël openbaar dat hierdie militaristiese, dierlike mag die laaste heropstanding van 'n politieke sisteem is, wat gegrond is in die Romeinse Ryk en die Heilige Romeinse Ryk van die Duitse nasie (Daniël 7:19-27). Om meer te leer van hierdie deurslaggewende profesieë, vra gerus ons gratis boekie, *Die Dier van Openbaring*, aan.

Daniël se verwysing na die “koning van die Noorde” en Johannes se verklaring dat tien konings hulle oppermag aan hierdie leier afstaan, dui daarop dat hierdie “koning” verteenwoordigend óf 'n kernstaat óf die leiernasie is in 'n unie of federasie van state (Daniël 11:40-43). Die “koning van die Noorde” sal aan die beheer staan van 'n Assiries-oorheersde mag en mag homself 'n Assiriër wees (vg. Jesaja 7:18-20; 10:1-5; Hosea 11:5). Daar is geprofeteer dat hierdie laaste herlewing van die Romeinse Ryk, Israelitiese nasies sal aanval en onderwerp in die “laaste dae” omdat hulle God vergeet en Sy weë verwerp het (sien Jeremia 30). God noem Assirië “die **roede van my toorn** ... Ek sal hom stuur teen 'n roekelose nasie” (Jesaja 10:5-6). God het reeds tevore Assirië gebruik om Sy uitverkore nasie te straf en die Skrif dui aan dat dit

weer gaan gebeur. God waarsku die afvallige nasies van Israel: “*Ek maak onheil gereed teen julle, en Ek dink 'n plan uit teen julle ...* Nogtans het my volk My vergeet” (Jeremia 18:11, 15). Verskriklike onheil lê voor vir ons gruwelik sondevolle nasies, insluitend 'n tweede gevangenskap wat enigiets wat die wêreld nog gesien het, sal oorskadu (sien Esegieël 5-7; Jesaja 11:11-12). Hierdie drastiese ommeeswaai van gebeure sal *skielik en onverwags* kom (Jesaja 8:14; Jeremia 6:26), as 'n direkte strafgerig van God.

In Bybelse profesieë verwys God na moderne nasies deur hul antieke name te gebruik. Amerika, Brittanje en ander nasies van Noord-Wes Europese afkoms, word na verwys as Israelitiese nasies. Dit is omdat hulle afstammeling is van Jakob wie se naam verander was na Israel. **Daar word na moderne Duitsland verwys deur sy antieke naam “Assirië” te gebruik.** Baie profesieë omtrent die “koning van die Noorde” het spesiale toepaslikheid tot moderne Duitsland. Die nasie wat God bring teen sondige nasies van Israel, is bekend vir sy hoogmoedige, meester-ras filosofie (Jesaja 10:8). Hulle praat 'n vreemde taal (Jeremia 5:15) en besit kragtige wapens wat hulle met dodelike akkuraatheid gebruik (Jeremia 6:22-23; Hosea 11:5-6). Assirië word ook voorgestel as 'n “**groot arend**” wat die huis van Israel

Vervolg op bladsy 27

Profesieë word werklikheid

Deur Douglas S. Winnail

Die Christenwêreld is selektief oor wat hulle glo wat in die Bybel staan. Die Bybel sê dat "God liefde is" (1 Joh. 4:8) en dat 'n liefdevolle God Sy Seun gestuur het om te sterf vir die sondes van die wêreld (Joh. 3:16). Jesus het geleer dat ons God moet liefhê sowel as ons medemens en vyande (Matt. 5:44; 22:36-40). Vir eeue is hierdie edel leerstellings aangehang, maar nie altyd deur belydende Christene uitgeleef nie.

Dieselfde God het egter Sy profete gestuur om Sy verkose volk en die wêreld te waarsku dat ernstige gevolge sou volg indien Sy opdragte geïgnoreer en Sy wette oortree word (sien Deut. 28). Hierdie belangrike aspek van Bybelse lering was nooit gewild nie. Ongelukkig was die meeste van God se waarskuwings deur Sy profete verontagsaam en miljoene het verskriklike gevolge gedra as gevolg daarvan. Ons moderne wêreld sou wys wees om ag te slaan op die Bybelse profete, aangesien hulle waarskuwings uiteindelik fokus op die einde van hierdie era — die tye waarin ons leef. In der waarheid word God se profetiese waarskuwings vandag steeds gegee!

Sommige kritici hou vol dat die God van die Ou Testament 'n bloeddorstige tiran was, wat genot geput het uit die vernietiging van die wêreld met die vloed; hulle ignoreer die

boosheid en korrupsie wat die mensdom aangehang het en sien nie dat God, vir die mens se *eie beswil*, 'n einde aan sy bose bestaan gebring het nie (Gen. 6:5-13). Voor die vloed het God vir Noag, 'n *prediker van geregtigheid* gestuur (2 Pet. 2:5) om die wêreld te waarsku van wat sou kom. Noag se waarskuwingsboodskap het ongeveer 100 jaar geduur (Gen. 5:32; 7:6). Dit strook met die optrede van 'n liefdevolle God. Die Bybel sê: "Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie" (Amos 3:7). Alhoewel God 'n waarskuwing vir byna 'n eeu uitgestuur het, het slegs Noag en sy gesin (agt mense) gehoor gegee aan God se boodskap. Almal het voortgegaan om *hulle eie ding te doen*, totdat dit te laat was en hulle in die vloed omgekom het (Matt. 24:36-39).

God het later gekies om met die volk Israel te werk. Hy het die Israeliete geseën en vir hulle Sy wette gegee sodat hulle vir die wêreld 'n voorbeeld kon stel (De ut. 4:1-8). Die rebelse, onafhanklike Israeliete het God egter vergeet, hul het Sy wette oortree en ander gelowe gevolg (Jer. 7:22-26). Uit besorgdheid vir Sy verkose volk het God 'n reeks profete gestuur om hulle te waarsku dat indien hulle nie hulle weë sou verander nie, hulle swaar gestraf sou word, insluitend ramspoedige neder-

lae en vreemde ballingskap. God se profete is aangesê: "Roep uit die keel ... verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes" (Jes. 58:1).

Insteede daarvan om na God se waarskuwings te luister, het die Israeliete God se profete geïgnoreer, gespot, vervolgd en selfs vermoor. Daar was aan Jesaja gesê: "Profeteer vir ons nie wat reg is nie [ongemaklike waarhede]; spreek vleitaal vir ons" (Jes. 30:10) en later was hy deur sy eie landgenote middeldeer gesny. Jeremia was gedreig: "Jy mag nie profeteer in die Naam van die Here nie, anders sal jy sterwe deur ons hand" (Jer. 11:21). Hy was verskeie kere deur sy eie mense in 'n put gegooi (Jer. 37:14-16; 38:6). As gevolg van die oortreding van God se wette en die minagting van Sy profete, het die nasies van Israel en Juda God se beskerming verloor, was hulle verslaan deur hulle vyande en was hulle weggevoer in ballingskap na Assirië en Babilon. Hulle het 'n hoë prys betaal vir hulle *verontagsaming* van God se waarskuwings.

Wat het dit dan vandag met ons te doen? Baie mense, wat *die Here liefhet*, besef nie dat een derde van die Bybel profesieë is nie, waarvan baie *tweeledig* is — wat beteken dat 'n aanvanklike, gedeeltelike vervulling in die verlede plaasgevind het, maar dat die

uiteindelijke vervulling selfs *duisende* jare later sal geskied! Baie profesieë het as hoofokus die gebeure rondom Christus se wederkoms aan die einde van hierdie era. Ongeveer 90% van Bybelprofesie het betrekking op die onmiddellike toekoms! Dit is 'n ontnugterende gedagte wat ons aandag behoorttegeniet.

Jesus het nie alleen opdrag gegee aan Sy dissipels om die evangelie aan die wêreld te verkondig nie (Mark. 16:15); Hy het ook 'n boodskap gegee vir die “verlore skape” van die huis van Israel (Matt. 10:6) — die afstammeling van die Israeliete wat in ballingskap weggevoer is na Assirië rondom 721 v.C. Hierdie mense het uiteindelik getrek na Noord-Wes Europa, Brittanje, Amerika en ander gesogte plekke op die aarde waar hulle geseën is deur God, as gevolg van die belofte wat Hy aan hulle voorvader Abraham gemaak het (Gen. 12:1-3). Jesus se dissipels moes aan Israelitiese nasies verduidelik waarom hulle deur God geseën en verkies was en watter gevolge hulle in die gesig sou staar, indien hulle Sy wette en opdragte sou kompromiseer of verwerp. Jesus het ook aan Sy dissipels gesê dat dit nie 'n gewilde boodskap sou wees nie (Matt. 10:16-20).

Baie belydende Christene glo vandag *verkeerdelik* dat die Ou Testament se profesieë lank gelede vervul is en nie meer van toepassing is nie. Daardie profesieë wat 'n vernietigende effek op moderne Israelitiese nasies sal hê, verskaf

lewensbelangrike besonderhede oor wêreldgebeure vandag. Moses het die kinders van Israel gewaarsku en gesê dat “die onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom” en dat “die HERE ... teen jou 'n nasie [sal] bring van ver” (Deut. 31:29; 28:49). Jeremia noem hierdie periode “die tyd van Jakob se benoudheid” en het voorspel “aan die einde van die dae sal julle dit verstaan” (Jer. 30:7, 24). Die Bybel verskaf 'n katalogus van sondes (lees ook Jer. 2:5, 23; Eseg. 20; Hos. 3; Amos 2; Miga 2:3) waarvoor God ons mense, met die mees verstommende reeks strawwe wat die wêreld nog ooit gesien het, gaan reghelp (Jer. 4:18; 15:17). Jesus het vir Sy dissipels gesê om wêreldgebeure dop te hou sodat hulle sal weet as hierdie dinge begin gebeur (Matt. 24:42-43; Mark. 13:32-37). Daardie dissipels, wat wêreldgebeure dophou en waarsku aangaande die profetiese belangrikheid, sal as wagtters vir Israel optree — 'n rol wat God lank gelede voorspel het (Eseg. 3:4; 17; 33:7). God wil hierdie waarskuwingsboodskap aan Sy mense gelewer hê omdat, soos Hy dit gestel het: “Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie” (Eseg. 33:11).

Die Kerk van God het hierdie boodskap vir dekades gebring, alhoewel God gesê het dat “die huis van Israel sal na jou nie wil luister nie ... want die hele huis van Israel het 'n harde voorhoof en 'n ongevoelige hart” (Eseg. 3:7). Omdat ons mense nie sal

luister na God se waarskuwings om hulle te bekeer nie, sal God ons trotse nasies straf om 'n kragtige les te leer dat ongehoorsaamheid nie loon nie. God gaan 'n Europese mag gebruik wat gaan herleef uit die Romeinse Ryk — gelei deur 'n groot godsdiensteier en 'n misleidende politieke leier, genaamd “Die Dier” — om hierdie straf toe te dien as gevolg van ons nasionale sondes.

Dit is ontnugterend om ander stemme te hoor wat bewus raak van die gevaarlike weg wat ons nasies inslaan. Dosyne boeke en artikels is die afgelope jare gepubliseer wat die afname in Bybelgebaseerde moraliteit en die toenemende misdaad en geweld, egskeiding, dwelm-misbruik en godsdienstige verwarring wat die Israelitiese nasies teister, dokumenteer. Dieselfde probleme het die ou Griekse en Romeinse Ryke geteister voor hulle val. Die Skrif is aan die muur vir Amerika, Brittanje en ander nasies van Noord-Wes Europese afkoms. Sal ons betyds ag slaan op die waarskuwings of sal ons die foute van ons voorvaders herhaal? Bybelprofesie dui aan dat ons nasies nie sal luister na waarskuwings van God nie, maar u kan *individueel* 'n ander keuse uitoefen. U kan kies om uit die wêreld te kom en die leringe van u Bybel te volg. Versoek ons gratis boekie, *Wat is 'n ware Christen?* U kan nie bekostig om hierdie ontnugterende profesieë wat vandag werklikheid word, te ignoreer nie.

Na God se Eie hart

Deur Roderick C. Meredith

Geliefde broeders en vriende, wil u meer wees soos Koning Dawid van Israel — die “man na God se hart” (Hand. 13:22)? Die grootste deel van my Christelike lewe was koning Dawid en die apostel Paulus my belangrikste Bybelse “helde” — dit is, afgesien van Jesus Christus Self. Soos ek ouer geword het, het ek Abraham en die geliefde apostel Johannes tot die lys bygevoeg. Dit is egter 'n ander verhaal. Ek het koning Dawid se lewe oor die jare bestudeer en verskeie preke gegee *waarom* hy 'n “man na God se Eie hart” was. Ons het ook 'n aantal goeie artikels hieroor gepubliseer.

In hierdie “Geliefde broeders” brief, wil ek egter nou fokus op *een dikwels agterweë-gelate aspek* van Dawid se verhouding met God. Ons, in God se eie Kerk, moet ernstig probeer om *in elke opsig* nader en nader aan God te groei. Deur vurige gebed en deur God se Heilige Gees moet ons almal strewende om 'n dieper gevoel van nabyheid aan God en aan ons Saligmaker, Jesus Christus, te bereik. Ons moet probeer om *ten volle* gehoorsaam te wees aan wat die Seun van God Self, as die “groot gebod” van die wet bestempel. Jesus sê: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou *hele* hart en met jou *hele* siel en met jou *hele* verstand. Dit is die eerste en groot gebod” (Matt. 22:37-38).

Daar was twee hoof maniere

waarvolgens koning Dawid hierdie basiese wet gehoorsaam het. Eerstens, is ons almal bewus daarvan dat koning Dawid God se wet opreg liefgehad het en gereeld daarvoor gemediteer het. Ons lees Dawid se woorde hieroor in Psalm 119:97-99: “Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag. U gebooie maak my wyser as my vyande, want hulle is myne vir ewig. Ek is verstandiger as al my leermeesters, want u getuienisse is my bepeinsing”, ook: “Ek lê my daarop toe om u voorskrifte altyd uit te voer, tot die eindetoe ...” (vers 112 N.V.).

Geen wonder dat Dawid, onder Christus, weer koning oor die hele Israel sal wees in die wêreld van môre nie! *Niemand* het meer direkte ondervinding in die toepassing van God se wet, én Sy vorm van *regering*, oor 'n hele nasie as koning Dawid nie. Christus se spoedig-komende regering sal basies gegrond wees op God se gebooie en insettinge soos dit geestelik verstaan en toegepas sal word onder die nuwe verbond. Christus se regering sal ook *hiërargies* (volgens rangorde) wees — met diegene in gesag *aangestel* in hulle poste. Daar sal geen stemmery en *geen politiek* wees nie. Daar sal intendeel 'n opregte geloof wees dat *Christus* die regte mense in die regte poste sal aanstel. Dit is waarom dit *lewensbelangrik* is dat ons in

God se Kerk, vandag leer om God se vorm van regering in die Kerk *toe te pas en te leer*. Ons moet *in geloof* na ons lewende Hoof, Jesus Christus, kyk om die regering in Sy Kerk te lei en te orkestreer. As ons *nou* nie eers die geloof het om Christus **te vertrou** om Sy Kerk te lei nie, hoe kan ons verwag om enige beduidende verantwoordelikheid te hê in Sy spoedig-komende regering?

Die ander “sleutel”-wyse waarop Dawid uitdrukking gegee het aan sy diepgaande liefde tot God, was in sy geestesingesteldheid van *opregte dankbaarheid, waardering en aanbidding* voor God, op 'n wyse wat min mense in die geskiedenis ooit getoon het. Die Psalms van Dawid openbaar, in 'n besondere wyse, wat Dawid gedink en gevoel het — terwyl hy letterlik “vir sy lewe gevlug het” voor koning Saul, terwyl hy ernstig siek of emosioneel radeloos was, of toe hy die *verskriklikheid* van sy sonde besef het, in die geval van Uria en Batseba. Hierdie is die gedagtes en gevoelens van een van die grootste manne van God van alle tye. Die Psalms is ons deeglike en biddende studie en aandagwaardig.

Toe Dawid moes vlug voor sy opstandige seun Absalom, het hy geskryf: “o HERE, hoe het my teëstanders vermenigvuldig! Baie staan teen my op. Baie sê van my: Daar is geen heil vir hom

by God nie. Sela. Maar U, HERE, is 'n skild wat my beskut, my eer en die Een wat my hoof ophef. Luid roep ek die HERE aan, en Hy verhoor my van sy heilige berg. Sela" (Ps. 3:2-5). Toe Dawid uiteindelik van Saul verlos is, het hy hierdie jubel-Psalm geskryf: "Ek het U hartlik lief, HERE, my sterkte. Die HERE is my rots en my bergvesting en my redder; my God, my rots by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil, my rotsvesting. Ek roep die HERE aan wat lofwaardig is, en van my vyande word ek verlos" (Ps. 18:2-4).

Later, in hierdie pragtige lof-Psalm, beskryf Dawid die heerlijkheid en die **krag** van die God wat hy dien. "Toe het die aarde geskud en gebewe; die fundamente van die berge het gesidder en geskud, omdat Hy toornig was. Rook in sy neus het opgegaan, en 'n vuur uit sy mond het verteer; kole uit Hom het gebrand ... En die HERE het in die hemel gedonder, en die Allerhoogste het sy stem laat hoor; hael en gloeiende kole. En Hy het sy pyle uitgestuur en hulle verstrooi; ja, sy bliksems in menigte, en Hy het hulle verwar. En die beddings van die waters het sigbaar geword, en die fundamente van die wêreld is blootgelê vanweë u dreiging, o HERE, vanweë die geblaas van die wind van u neus" (verse 8-9; 14-16). Hier stel Dawid sy God voor as Een wat letterlik die aarde **skud** en 'n God met 'n stem soos *harde donderslae*. Diegene van u wat op plekke woon waar geweldige

weerligstrale en donderstorms voorkom wat letterlik *die aarde skud*, sal die ontsagwekkende **krag** van God soos deur Dawid uitgebeeld, in sy psalms verstaan.

Sy volkome aanbidding van die grote God en sy diepe ontsag vir God se krag, het aan Dawid baie geloof en moed gegee. Toe Goliat, die reus, kragtig na Dawid aangeloop kom, het hy "Dawid vervloek by sy gode" (1 Sam. 17:43) en gedreig om hom te vernietig. Die dapper jong man was geïnspireerd met merkwaardige geloof en moed. Sy gedagtes was **nie** op homself gevestig nie — dit is die "sleutel" — maar op die ontsagwekkende krag en majesteit van **God**. So het Dawid vol selfvertroue aan die reuse Filistyn gesê: "Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE van die leërskaare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het. Vandag sal die HERE jou in my hand oorlewer, dat ek jou kan verslaan en jou hoof van jou wegneem, en die lyke van die leër van die Filistyne vandag aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde kan gee, sodat die hele aarde kan weet dat Israel 'n **God** het" (verse 45-46).

Dawid se intense geloof dat die wonderlike God wat hy dien "sal toesien dat reg geskied", het gehelp om hom daarvan te weerhou om koning Saul tereg te stel, terwyl Saul nog "God se gesalfde" was. Selfs toe Saul totaal magteloos was voor

Dawid — vas aan die slaap — het Dawid nie die vegter Abísai toegelaat om hom dood te maak nie. "Maar Dawid sê vir Abísai: Bring hom nie om nie, want wie slaan sy hand aan die gesalfde van die HERE en bly ongestraf? Verder sê Dawid: So waar as die HERE leef, sekerlik sal die HERE hom slaan, òf sy dag sal kom dat hy sterwe, òf hy sal aftrek in die geveg en omkom! Mag die HERE my bewaar dat ek my hand aan die gesalfde van die HERE sou slaan! Maar neem nou tog die spies wat aan sy koppenent is, en die waterkruik, en laat ons weggaan (1 Sam. 26:9-11). Dawid sou nie hierdie benadering gehad het teenoor 'n man wat oor en oor probeer het om hom dood te maak nie, *tensy* hy nie sy God voorgestel het as die "Rots" van Israel, wat baie realisties en totaal regverdig is en altyd uiteindelik reg laat geskied nie.

Dawid het só gereageer omdat hy God *aanbid* en **vereer** het.

Onder die sterre in die nag buite het Dawid uitgeroep: "As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het — wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlijkheid gekroon ... o HERE, onse Here, hoe heerlijk is u Naam op die ganse aarde!" (Ps. 8:4-6, 10).

Terwyl Dawid baie las gehad het van siekte en infeksie, het hy uitgeroep: "o HERE, straf my nie

in u toorn nie en kasty my nie in u grimmigheid nie. Want u pyle het in my ingedring, en u hand het op my neergedaal. Daar is geen heel plek in my vlees vanweë u grimmigheid nie; daar is niks gesond in my gebeente vanweë my sonde nie. Want my ongeregtighede gaan oor my hoof; soos 'n swaar pak het hulle vir my te swaar geword. My wonde stink, hulle dra vanweë my dwaasheid (Ps. 38:2-6). Selfs in diepe neerslagtigheid en pyn, het Dawid sy denke op *God se getrouheid* gevestig. “want op U, HERE, wag ek; U sal verhoor, Here my God!” (vers 16).

Toe Dawid begin om intense berou te betoon oor sy gemene sonde met Batseba en die moord op haar man, Uria, het hy weer eens sy *denke* op **God** en Sy genade *gevestig* en op God se doel met al ons lewens: “Red my van bloedskulde, o God, God van my heil! Laat my tong u geregtigheid uitjubel. Here, open my lippe, dat my mond u lof kan verkondig. Want U het geen lus in slagoffer nie, anders sou ek dit gee; in brandoffer het U geen behae nie. Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!” (Ps. 51:16-19).

Dawid het deurgaans verseker dat sy gedagtes op die liefde, die genade en grootheid van God gevestig bly. Die hele Psalm 103 is 'n pragtige uitdrukking van die liefde en aanbidding wat Dawid deurlopend aan sy Skepper betoon: “Loof die HERE, o my

siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartigheid ... Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid ... Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees. Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is” (Ps. 103:1-4, 8, 11-14).

Geliefde broeders, in ons verwarde en uiters materialistiese samelewing — waar ons daagliks, amper uurliks, deur klanke en beelde van die televisie, telefoon, rekenaar, radio, verkeer en miskien helikopters wat bo ons vlieg, gebombardeer word — is dit dikwels vir ons moeilik om te konsentreer op die *skoonheid*, die *genade*, die volkome *wysheid* en die ontsagwekkende **krag** van die groot God, wat ons na Sy gelykenis geskape het. As ons egter soos Dawid moet wees — die man “na God se eie hart” — sal ons ons lewens so moet organiseer dat ons ook stilweg, stadig en nadenkend God se Woord indrink en

“mediteer oor God se Wet”, soos wat Dawid gedoen het. Ons moet *tyd maak* om na buite te gaan en te kyk na die bome, blomme en plante, die son, maan en sterre wat ons God en Skepper gemaak het. Dan moet ons soos Dawid *tyd neem* om ons harte voor God uit te stort in opregte aanbidding. Ons moet almal in staat wees om soos Dawid te sê: “Saans en smôrens en smiddags klaag ek en steun, en Hy hoor my stem” (Ps. 55:17).

God die Vader en Jesus Christus ons Verlosser moet beide die middelpunt van ons bestaan wees. Hulle is waarlik “een” — soos Jesus sê: “Ek en die Vader is een” (Joh. 10:30). Ons verwagtinge, drome, gedagtes en planne moet alles draai om wat God wil hê wat ons moet doen en wees. Soos wat Dawid dit deeglik verstaan het, en die apostel Paulus dit uitdruk: “want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons ...” (Hand. 17:28).

In Psalm 104 beskryf Dawid die skoonheid en wysheid van God se skepping. Hy beskryf hoe God “die hemel uitspan soos 'n tentdoek”. Hy beskryf hoe God se stem “donder”, en hoe “Hy laat gras uitspruit vir die diere en die plante tot diens van die mens: om broodkoring uit die aarde te laat voortkom, en dat wyn die mens se hart kan bly maak; om die aangesig te laat blink van olie, en dat brood die mens se hart kan versterk” (verse 14-15). Dawid roep uit: “Hoe talryk is u werke, o HERE! U het hulle almal met wysheid gemaak; die aarde is vol van u

Strewe na uitmuntendheid

Deur Roderick C. Meredith

In ons moderne wêreld word dit dikwels as 'n mode gesien om “cool” te wees. Jong mense voel soms trots daarop wanneer dit lyk of hulle “nie te hard probeer nie”. Dit is egter presies die *teenoorgestelde* wat ons God wil hê wat ons moet doen en wees! In werklikheid moet die meeste van ons in God se Kerk dit nodig vind om “harder te probeer” as diegene wat met meer natuurlike bekwaamhede toebedeel is en die wat miskien meer geleenthede gehad het vir hoër onderwys en om die sosiale lewenskunsies aan te leer.

Hoekom?

God stel dit duidelik op verskillende wyses in Sy Woord: “Want let op julle roeping, broeders: julle is nie baie wyse na die vlees nie, nie baie magtiges, nie baie edeles nie; maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam” (1 Kor. 1:26-27). Ons, in God se Kerk, moet mekaar opreg liefhê en waardeer asook die verskillende gawes wat ons het — selfs al weet ons dat baie min van ons werklik welgesteld of bedeel is met baie natuurlike bekwaamhede. Daarinteen, omdat ons meer soos “meeste mense” is, mag ons meer nederig wees en nie dieselfde versoekings tot ydelheid en weerstand teen die Waarheid ondervind as diegene met

soveel meer bekwaamhede nie. Daar is nie tans en was nog nooit baie Winston Churchills, Albert Einsteins, Margaret Thatchers of Teddy Roosevelts in God se Kerk nie. Hierdie besonder begaafde mense sal hulle geleentheid kry in die Groot Wit Troon Oordeel.

Vandag word ons geroep om ten volle seuns van God te word. Ons word geroep om Jesus Christus na te streef en ons word onderrig: “Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig” (1 Pet. 1:15-16). Om hierdie ontsagwekkende doel te bereik, word ons deur ons Saligmaker beveel: “Maar soek **eers** die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Matt. 6:33).

Niks moet toegelaat word om tussen ons en ons uitstekende **doel** te kom nie. Dit moet altyd *eerste* kom. Soveel te meer, omdat ons nie die “uitblinkers” in die wêreld met natuurlike vermoëns, sosiale stand of materiële rykdom is nie, sal ons dus vind dat dit nodig is om 'n *groter poging* aan te wend en om meer *geesdrif en toewending* te beoefen in ons strewe om God se doel met ons lewens te vervul. *Dit is egter niks buitengewoon nie!* Amper elke groot atleet, groot koöperatiewe bestuurder of groot wêreldleier

was gewillig om daardie “ekstra poging” aan te wend om hulle doel te bereik. U, die jong mense in die Kerk in besonder, moet dit verstaan en daardeur geïnspireer word om groot dinge te doen — u *kan dit doen* met God se hulp en 'n ernstige ekstra poging van u kant!

In sy baie inspirerende biografie van Winston Churchill, beskryf Robert Lewis Taylor die dryfkrag en die onophoudelike energie wat Churchill gestort het, in sy poging om sy volk te lei in die kritieke dae van die tweede wêreldoorlog. Taylor skryf: “Die verantwoordelikheid van leierskap het 'n onberekenbare tol geëis gedurende die verloop van ses oorlogsjare, maar dit het gelyk of Churchill nooit moeg word nie. Hy het duisende myle gereis, hy het elke nag gewerk nadat almal reeds geslaap het. In die oggende het hy verfris opgestaan en mondelingse donderslae laat opklink, wat sy mense bemoedig het uit wanhoop en nederlaag” (*Winston Churchill: The Biography of a Great Man*, bl. 363).

Hier was 'n man wat nog nie eers met sy loopbaan as Eerste Minister begin het nie, teen die tyd wanneer meeste ander mans al daaraan begin dink om af te tree. Sy belangrikste doel was egter om sy volk in staat te stel om Hitler se aanslag te oorleef en die oorlog te wen.

Mnr. Churchill het homself gedryf om 'n agenda te volbring wat meeste mans, die helfte sy ouderdom, soulaat steier!

Elkeen van ons moet die voorbeeld van Sir Winston Churchill en andere toepas op ons *geestelike* groei en prestasie. Ons God verwag van ons om Hom "voluit" te dien en Sy werk te doen! Gedurende hierdie Laodiceaanse era waarsku God ons almal in die besonder: "Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug" (Openbaring 3:15-16). Dan sê God vir ons: "Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou" (vers 19).

God waardeer diegene wat Hom voluit dien. Die apostel Paulus was geïnspireer om aan die Kolossense te skryf: "En wat julle ook al doen, doen dit **van harte** soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here die erfenis as vergelding sal ontvang, want julle dien die Here Christus" (Kolossense 3:23-24). Salomo was geïnspireer om aan ons te sê: "Alles wat jou hand vind om te doen, *doen dit met jou mag*, want daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie" (Prediker 9:10).

Ons lees van Olimpiese kampioenswemmers wat voor dagbreek opstaan om veeleisende swemoefeninge te

doen, dan na hulle daaglikse werk ry en die hele dag hul werk doen. In die aand keer hulle terug huis toe vir nog méer veeleisende swemoefeninge in die swembad. Ons kan die feit waardeer dat hulle gewillig is om *baie opofferings* te maak om hulle doel te bereik. As dit ons ware doel is om die **ywer** van Jesus Christus te weerspieël en "n verskil te maak" deur ons lewens vandag te gee as 'n "lewende offergawe" (Rom. 12:1), dan is dit lewensbelangrik dat ons dieselfde **ywer** toon wat Jesus Christus Homself getoon het, asook die apostel Paulus en meeste van die ander groot bybelse leiers, in hulle diens aan God.

Die meeste van ons het groot geword in "gemiddelde" families en die kans is goed dat ons nie die voorbeelde van uitstaande dryfkrag en geesdrif gesien het, wat die wêreld se groot leiers kenmerk nie. Ons is egter geroep om werklik groot leiers te wees — as ons werklik "oorwin" (Openbaring 2:26-27). Ons het nodig om die werklikheid van die situasie te *verstaan* en te begin om te bou volgens die *wysheid*, die beproefde *gewoontes* en die *toewyding* van die heel beste leiers. "Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?" (1 Kor. 6:2-3).

Onthou, 'n belangrike deel

van die vierde gebod sê vir ons: "Ses dae moet jy arbei en al jou **werk** doen" (Eksodus 20:9). Jesus het vir die Jode gesê: "My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook" (Joh. 5:17). Selfs in hierdie opsig van Sy menslike lewe het Jesus aan ons 'n voorbeeld van geesdrif en 'n wil om te presteer gestel.

In sy baie interessante boek, *Sam Walton — The Inside Story of America's Richest Man*, beskryf die skrywer, Vance Trimble, hoe Walton fabelagtig ryk geword het, alhoewel sy ouers "gemiddeld" was en hy 'n groot deel van sy lewe in die staat Arkansas gewoon het. Oor en oor haal Trimble opmerkings aan van Walton se vriende en genote wat beskryf *hoe hard hy gewerk het*. Hoewel sy vader nie ryk was nie, het hy vir Sam 'n wonderlike *werk etiek* geleer wat Sam later in staat gestel het om Amerika se rykste man te word. Trimble vertel: "Alhoewel hy nie persoonlik die slegste gevolge van die Depressie gevoel het nie, het 'Sammy' voldoen aan sy pa se 'werk, werk, werk' etiek by Hickman High School. Bykomend, tot sy moordende gedissiplineerde lewenswyse akademies en in atletiek, het hy tyd gevind vir los werkies en het hy meer en meer self-onderhoudend geword. Met dagbreek het hy opgestaan en aflewering van die *Columbia Missourian* koerant vir M.U. joernalistieke studente gedoen. Veelbetekenend het hy ook 'n deeltydse helper in 'n vyf-entien-sent winkel in Columbia

Die hantering van beproewings

Deur Douglas S. Winnail

Hoekom is die lewe met tye so moeilik? Vir 'n kind wat geseën is met 'n liefdevolle en beskermende familie-omgewing is elke dag 'n nuwe avontuur en omtrent elke nuwe ondervinding veroorsaak opgewondenheid. Soos ons die kinderjare agterlaat, koester ons blink vooruitsigte en drome vir die toekoms. Namate ons egter ouer word verdonker die lewe dikwels en word dit 'n opeenvolging van probleme — hierdie probleme kom gewoonlik op die mees ongeleë tye, wanneer ons dit die minste verwag of wil hê! Ons mag selfs siniese opmerkings maak soos: “moenie sleg voel nie, dit kon erger gewees het” en nadat ons beter begin voel, word dinge regtig erger!

Hoekom ondervind ons beproewings en probleme? Bestaan daar redes waarom die lewe so moeilik word? Miljoene soek elke jaar hulp by psigiaters, sielkundiges, predikante en raadgewers in hulle pogings om hul beproewings te verwerk. Ander gaan na vriende en bure vir hulp en raad, soms is die raad van nut, maar dikwels is die een persoon se raad in konflik met die ander sin. Dit is dus nie verbasend dat baie mense alkohol en verdowingsmiddels gebruik as 'n manier om hulle probleme te hanteer of dit te ontvlug nie — wat dan slegs tot

meer probleme lei. Baie beseef nie dat die Bybel positiewe raad en praktiese, beproefde riglyne bevat om ons nie net te help om ons beproewings te hanteer nie, maar selfs om baie probleme te *vermy*.

Hoekom beproewings?

Mense beskou dikwels die lewe se beproewings as die gevolg van “teenspoed” of ongelukkige omstandighede buite hulle beheer. Mense met probleme word somtyds belaglik gemaak as oningelig, of dat hulle dom besluite gemaak het. In sommige kulture waar bygelowe 'n groot rol speel, kan beproewings gesien word as die gevolg van vloeke wat iemand se vyande op hom geplaas het. Mense met 'n “godsdiensige” uitkyk mag tot die gevolgtrekking kom dat beproewings 'n straf van God is. Hulle mag dink dat God probeer om “'n boodskap te stuur”, maar vind die rede vir die straf, of die boodskap wat God stuur, onverstaanbaar. In ons probleem-gevulde wêreld aanvaar meeste mense beproewings eenvoudig skouerophalend as een van die ongemaklike, onvermydelike en ongelukkige aspekte van die lewe.

Die algemene verduidelikings is selde van enige waarde, of verskaf selde enige vertroosting

of opbeuring, vir iemand wat worstel met 'n ernstige probleem. Die meeste mense verstaan eenvoudig nie waarom beproewings in hierdie lewe gebeur, of weet nie hoe om dit effektief te hanteer wanneer dit opduik nie. Ons Skepper openbaar egter in die Skrif 'n paar belangrike perspektiewe waarom beproewings voorkom en verskaf 'n paar handige beginsels, rakende die hantering van enige ernstige menslike probleme. Dawid het dit begryp toe hy geskryf het: “U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad” (Ps. 119:105). Een van die voordele om God se Woord te ken, is dat dit ons vrywaar van twyfel en onkunde wat so baie in vandag se wêreld pla (Joh. 8:32). 'n Ander voordeel is dat wanneer ons beproewings en probleme met die regte perspektief ervaar, ons groter berusting en selfs beproewings op 'n positiewe manier kan gebruik om ons te help groei (sien Jak. 1:2-4). Die Bybel openbaar ten minste vyf redes waarom beproewings plaasvind.

1. Jesus het verduidelik dat *tyd en gebeurlikheid* met baie mense gebeur (Luk. 13:1-5). Net omdat iets slegs met iemand gebeur beteken nie noodwendig dat daardie persoon boos is, of 'n groot sonde gepleeg het nie.

Ongelukke gebeur. Brande, vloede, storms, aardbewings en ander natuurlike rampe tref gedurig groot getalle mense. Miljoene mense sterf elke jaar van siektes en alle mense sterf tog uiteindelik. Dit is 'n normale deel van die menslike bestaan in hierdie wêreld.

2. Die Bybel beklemtoon dat *ons maai wat ons gesaai het* (Gal. 6:7; Jer. 2:19). Een van die basiese lesse wat ons in die lewe moet leer, is dat daar gevolge is vir elke besluit wat ons neem (Hos. 4:9). Ons trek voordeel uit goeie besluite en ons betaal — soms duur — vir swak besluite. In ons misleide wêreld vandag, is daar baie beleidende Christene wat daarop aanspraak maak dat hulle “die Here lief het”, maar ongelukkig ignoreer hulle Sy wette, doen soos hulle wil en dan is hulle verbaas en moedeloos wanneer probleme opduik.

3. Een unieke Bybelse perspektief wat meeste sielkundige raadgewers ignoreer, is dat mense 'n *teenstaander* het — Satan die duiwel (1 Pet. 5:8). Die woord “Satan” beteken letterlik *teenstaander*. Hierdie magtige, bese, geestelike wese tree op soos 'n brullende leeu, soekende wie hy kan verskeur en vernietig, op welke wyse ookal. As hy beproewings kan gebruik om ons te ontmoedig en te ontneugter, sal hy dit doen! Hy sal elke beskikbare geleentheid gebruik om ons te bedrieg, te verlei, of om ons te mislei

rakende leerstellings en persoonlike sendings wat ons ydelheid voed en ons uiteindelik vernietig (1 Tim. 5:15). Satan se doel is nie alleen om die waarheid van die wêreld weg te hou nie, maar ook om die wat geroep is, uit die Koninkryk van God te hou. Wanneer hy ookal kan, sal hy beproewings gebruik om daardie doel te bevorder.

4. 'n Ander Bybel perspektief is dat God *toelaat dat ons getoets word*, om ons te help groei (1 Pet. 4:12-13; Heb. 12:5-11). Adam en Eva, Abraham en Sarah, Job, Daniël, Jeremia, die profete, die Apostels — inderdaad *elke* individu wie God verkies het om mee te werk — moes beproewings verduur en leer hoe om dit te hanteer. Ek en u sal nie uitsonderings op die reël wees nie. Jesus het vir Sy dissipels gesê: “In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin” (Joh. 16:33). Hy het aangedui dat, deur na Hom te kyk en Sy voorbeeld te volg, ons ook die beproewings wat ons teëkom kan oorkom.

5. 'n Bybel perspektief wat ons tot nadenke stem, is dat *God ernstige beproewings* en selfs rampe *skep*, om kragtige lesse te leer aan diegene wat doelbewus ongehoorsaam is. God het aan Jeremia gesê om die opstandige nasie Israel te waarsku wat sal gebeur as hulle hulle nie bekeer van hulle bese dade nie: “Kyk, Ek maak onheil gereed teen julle, en Ek dink 'n plan uit teen julle” (Jer. 18:6-11).

God het ook opdrag aan Esegïël gegee om 'n soortgelyke boodskap aan die Israeliete wat Sy wette verwerp het, oor te dra: “En my oog sal nie verskoon nie, en Ek sal nie spaar nie; Ek sal dit op jou laat neerkom volgens jou weë, en jou gruwels... Onheil op onheil kom ...” (Eseg. 7:9, 25-26). Hierdie profesie sal uiteindelik vervulling hê in die komende tugtiging van ons moderne afvallige, onafhanklikdenkende Israelitiese nasies, in die jare wat net voor ons lê. Selfs in die vormende dae van die vroeë Kerk, toe Ananias en sy vrou gelieg het, het hulle *skielik gesterf* — diegene met oë om te sien het 'n skokkende, aanskoulike les geleer (Hand. 5:1-11).

Wanneer 'n beproewing opduik, staar ons twee basiese uitdagings in die gesig as ons wil groei. Eerstens moet ons 'n *poging aanwend* om te verstaan *waarom* die beproewing in ons lewens opgeduik het. Dit sal ons help om die verandering te identifiseer wat ons in ons lewens moet maak om soortgelyke situasies in die toekoms te vermy. Tweedens moet ons *leer hoe* om die beproewing te hanteer wat ons in die gesig staar. Tensy ons hierdie twee uitdagings aanspreek, sal ons nie groei as gevolg van die beproewing nie. Weer eens bied die Bybel uiters handige raad aan.

Bybelse Riglyne

Wanneer beproewings

opduik, is die “natuurlike” neiging om te dink “Wee my”. Ons wil somtyds huil en kla omdat ons dink dat ons dit nie verdien dat hierdie negatiewe dinge ons oorkom nie. Ons kyk na ander om met ons medelye te hê en wat ons sal help om onself te regverdig in ons verknorsing. Dit is ook algemeen om ontmoedig te voel en om na maniere te soek om dit te ignoreer, te vermy of om van die beproewing te ontvlug, of te bid dat die probleem net moet weggaan! Ons het dikwels egter geen keuse as om maar die beproewing te verduur nie. Die vraag is dan: hoe hanteer jy 'n beproewing, nadat jy die redes begin verstaan waarom dit oor jou gekom het?

Hoe vermy of gaan jy te werk met beproewings wat ontstaan het as gevolg van 'n *ongeluk* of 'n *toeval*? Jesus het aan Sy dissipels gesê toe Hy hulle in 'n gevaarlike wêreld in gestuur het, “wees dan versigtig soos die slange” (Matt. 10:16). Spreuke vertel ons dat 'n wyse persoon gevaarlike situasies raaksien en stappe neem om dit te vermy (Spr. 22:3). Die slotsom is: wees wakker en versigtig! Bestuur versigtig, leef versigtig en wees behoedsaam in dit wat jy doen, moenie dom kanse vat nie. Moenie deelneem aan gevaarlike praktyke soos dronkenskap, rook, dobbel of vrye geslagtelyke omgang nie. Gebruik tyd oordeelkundig. Moenie snags laat uitbly nie, vernaamlik nie oor vakansiedae wanneer baie ongelukke, misdaad en aanrandings

voorkom nie. Hou weer-voorspellings dop wanneer jy van plan is om op reis te gaan. Deur wysheid aan die dag te lê en hierdie eenvoudige, algemene, verstandige riglyne te volg, kan u baie beproewings vermy wat andersins aan “tyd en toeval” toegeskryf mag word. God se beskerming is 'n seën wat diegene wat aan Sy wette gehoorsaam is, mag verwag om te ontvang (Ps. 91). Hierdie bonatuurlike beskerming is ook beskikbaar aan ons kinders (Matt. 19:13-15; 18:10). Jesus se basiese opdrag is om verstandig op te tree, Sy opdragte te gehoorsaam en nie onnodig oor probleme te bekommer nie.

Hoe vermy of hanteer ons beproewings wat die *gevolge van ons eie optredes* is? Die Bybel openbaar dat seëninge kom as gevolg van gehoorsaamheid aan God se wette en vloeke kom as gevolg van ongehoorsaamheid aan daardie wette (Lev. 26; Deut. 28). Spreuke verduidelik dat “as die HERE behae het in die weë van 'n man, dan laat Hy selfs sy vyande met hom vrede hou” (Spr. 16:7). Die lewe behels dat ons elke minuut en elke uur van elke dag keuses moet maak. Hoe gouer ons leer om wyse besluite te maak — om die wette en opdragte in God se woord te gehoorsaam in plaas daarvan om dit te ignoreer, weg te probeer redeneer of om 'n kompromie aan te gaan — hoe gladder sal ons lewens verloop en hoe minder beproewings sal ons oor onself bring. Hoe

langer dit neem om hierdie basiese les te leer, hoe moeiliker sal ons lewens wees as gevolg van ons eie besluite (Deut. 30). Dit is waarom die Bybel soveel klem daarop lê dat ouers hulle kinders van kleins af God se wette moet leer (Deut. 4:1-10; Spr. 22:6). As ons God se wette leer en ons *onthou* en *ver kies* om daardie wette *na te kom*, sal ons die voordele daarvan regdeur ons lewens geniet (Spr. 3:1-2) — asook minder beproewings vir onself skep.

'n Groot gedeelte van die Skrif was geïnspireer om ons te help om die belangrikheid te verstaan dat ons moet leer om wyse besluite te neem. Regdeur die boek van Spreuke word ons aangespoor om waar te neem en te leer deur die ondervindings van ander, sodat ons soortgelyke foute kan vermy (Spr. 1:20-27). Ons word aangeraai “wyk nie regs of links af nie” (Spr. 4:26) — om te dink oor die potensiële gevolge van die besluite en optredes wat ons oorweeg. Om ontvanklik te wees vir advies en instruksies — vernaamlik van ouers — kan ons help om ernstige probleme te vermy (Spr. 6:20-23). Ons keuse van vriende het ook gevolge: “Gaan met die wyse om, dan word jy wys; maar hy wat met dwase verkeer, versleg” (Spr. 1:10-19; 13:20; 14:7). Baie beproewings wat in die lewe ontwikkel kom as gevolg van verkeerde of onwyse keuses, dikwels gemaak deur individue wat beter weet (of beter moes weet).

Hoe hanteer ons

beprowings wat deur ons *teenstaander*, Satan, veroorsaak word? Om effektief te handel met hierdie listige en opponerende geestelike wese, het ons nie net wysheid nodig nie, maar ook geestelike onderskeidingsvermoë en geestelike krag. Een van die gawes van die Heilige Gees is 'n gesonde verstand wat in staat is tot geestelike oordeelkundigheid (2 Tim. 1:6-7). Ons word vertel dat God Sy Gees gee aan diegene wat Sy wette en opdragte gehoorsaam (Hand. 5:32), aan diegene wat gewillig is om deur God se Gees gelei te word (Rom. 8:14), en aan diegene wat die Gees daaglik *voed* (2 Kor. 4:16) deur gereelde gebed en Bybelstudie. Om suksesvol te kan veg, moet ons in staat wees om Satan se pogings te kan *eien* wat hy gebruik om ons te verlei, te ontmoedig en te mislei deur verskillende versoekings en beproewings. Ons moet daardie pogings *weerstaan* deur “die volle wapenrusting van God aan te trek” (Ef. 6:10-19; Jak. 4:7). Geestelike beskermende bewapening behels: om die waarheid van God te ken en daarvolgens te leef; deur ware liefde te betoon aan God en aan ons naaste; deur God se opdragte en beloftes te glo; deur die Heilige Gees gevoed en daardeur gelei te word en om ten alle tye waaksaam te wees teen die gevaarlike aktiwiteite van ons geestelike teenstaander. Ons nooi eenvoudig geestelike beproewings uit, wanneer ons

aanneem dat ons enige deel van hierdie noodsaaklike geestelike bewapening kan weglaat.

Hoe hanteer ons die beproewings wat *God toelaat om oor ons te kom* om ons te help groei? Ons moet leer om beproewings in 'n *positiewe* lig te sien. Jakobus skryf dat, in stede van te dink “wee my” en weg te hardloop, moet ons *verheug* wees in beproewings, omdat die poging wat benodig word om hulle te oorkom, positiewe vrugte sal voortbring (Jak. 1:2-4). Om versoekings in hierdie lig te sien, moet ons verstaan en glo dat “ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk” (Rom. 8:28), dat ons Vader ons beperkings ken en “ook die uitkoms gee” (1 Kor. 10:13) en wanneer Hy eers 'n werk in ons begin het, Hy dit ook sal klaar maak (Fil. 1:3-6). Om hierdie perspektief te handhaaf moet ons sterk, gelowig, getrou en gefokus bly op ons roeping en op God se manier van lewe. Ons moet ook “volhard tot die einde toe” sonder om toegewings te maak of om tou op te gooi (Matt. 24:13; Heb. 12:1-11). Ons moet ge motiveer wees deur te verstaan dat belonings gaan aan die wat werklik *die wedloop voltooi het* (1 Kor. 9:24-27) en leer om *oorwinnaars* te wees. In plaas daarvan om toe te laat dat ons klaers en ontsnap-artiste word, moet ons oplossers van probleme word! Soos ons leer om ons eie beproewings te hanteer en ons eie probleme op te los, berei ons onself voor om ander met hulle sin te help.

Dit los nog een ander beproewing — hoe hanteer u swaar beproewings wat *God op u pad bring*? Meeste van die swaar beproewings waarvan ons in die Skrif lees, het gekom as gevolg van doelbewuste en aanhoudende ongehoorsaamheid aan God se wette. Paulus waarsku dat God Hom nie laat bespot nie (Gal. 6:7). Hy laat ons nie alleen maai wat ons gesaai het nie, Hy orkestreer straf om onvergeetlike lesse aan die ongehoorsames te leer en ook aan die bystanders wat getuies van die ongehoorsaamheid was (sien Eseg. 5:14-15; Hand. 5:11). Om te verhoed dat ons hierdie soort van beproewings ervaar of dit moet hanteer, sou dit opduik, moet ons gewillig wees om onself deeglik te *ondersoek* — ons motiewe en ons optrede — in die helder lig van God se Woord (1 Kor. 11:27-32). Ons moet gewillig wees om ons *te bekeer* — om te erken waar ons verkeerd was, soos Dawid gedoen het — om ernstig te vra dat God ons moet vergewe en in die regte rigting stuur (sien Psalm 51). Daar is 'n pad selfs deur hierdie swaar beproewings, maar ons speel met vuur wanneer ons toelaat dat ons in hierdie situasie beland. Ons moet onthou dat God nie speletjies speel nie. Daar is 'n *ware* poel van vuur vir die mense wat nie wil verbeter nie — diegene wat nie wil hoor of leer nie — dit sal die uiteindelige bestemming wees van hierdie mense. Dit moet elkeen van ons

Vrae en Antwoorde

V: Die God van die Ou Testament wat “'n oog vir 'n oog” en “'n tand vir 'n tand” eis, blyk streng te wees. Is dit nie waar dat Jesus gekom het om weg te doen met Sy Vader se wet van wrede gebondenheid nie?

A: Menige Bybelstudent is geskok oor God se “oog vir 'n oog” opdrag in Eksodus 21:23-25. Hulle veronderstel dat gedurende Ou Testamentiese tye enigiemand wat die verlies van 'n oog, hand of voet veroorsaak het, outomaties 'n soortgelyke verlies sou ly. Baie wonder: Hoe kan so 'n wrede opdrag van 'n liefdevolle Vader afkom?

Ons lees “Maar is daar 'n letsel, dan moet jy gee lewe vir lewe, oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet, brandplek vir brandplek, wond vir wond, kwesplek vir kwesplek” Eksodus 21: 23-25. God beskryf die beginsel van regverdige vergoeding. “'n Oog vir 'n oog” is egter nie in alle gevalle toegepas nie. Kyk na die volgende vers (26): “En as iemand sy slaaf of slavin op die oog slaan en hy dit beskuldig, moet hy hom vry laat weggaan vir sy oog”. God het 'n regverdige vergoeding beskryf — vryheid vir die beseerde slaaf — eerder as 'n vergeldende verminking.

'n Paar verse vroeër het God beveel dat een wat 'n ander beseer, 'n regverdige vergoeding moet voorsien: “...sy tydverlies moet hy vergoed en

sorg dat hy heeltemal gesond word” (verse 18-19). Hierdie wet was 'n soort werknemers-vergoeding, wat verseker het dat die beseerde regverdige vergoeding sou ontvang vir sy besering en verlore produktiwiteit. Eerder as om wreedheid van God te weerspieël, het God se wette en uitsprake die Israeliete geleer om hulle naaste lief te hê deur die beginsel van regverdige vergoeding vir verlies toe te pas.

Het Jesus Christus weggedoen met God se wette? Nee! Hy stel dit uitdruklik dat Hy gekom het om God se wette te vervul (Jes. 42:21 en Matt. 5:17-19). Op die vraag watter van God se wette die grootste is, het Jesus geantwoord: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooi hang die hele wet en die profete” (Matt. 22:37-40).

Het Jesus met hierdie woorde die Ou Testamentiese wet tot niet verklaar? Nee! Hy het die Skrif aangehaal (Deut. 6:5 en Lev. 19:18)! Eerder as om iets nuut in te bring, het Jesus die bestaande wet vervul en hulle geleer hoe Christene dit behoorlik moet toepas.

Die “oog vir 'n oog” beginsel het betrekking op naasteliefde. Jesus het dit vervul deur vergifnis te beklemtoon. Let op

na Sy verduideliking: “Julle het gehoor dat daar gesê is: Oog vir oog en tand vir tand. Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe” (Matt. 5:38-39).

Jesus het hier gewys dat 'n Christen bereid moet wees om onregverdig te ly. Die wet bly egter die maatstaf tussen reg en verkeerd. Die apostel Paulus het vir die Korintiërs gesê dat hulle onregverdig moet ly en beroof moet word, eerder as om 'n mede-Christen voor 'n openbare hof te daag (1 Kor. 6:1-8). Paulus het ook geleer dat ons onderdanig moet wees aan regeringsgesag, selfs as dit onregverdig en onbillik is (Rom. 13:1-7) — solank dit nie God se wette skend nie. Die voorbeeld wat Christus vir alle Christene gestel het om te volg, is dat dit beter is om die pyn van onverdiende lyding te verduur, ter wille van die geregtigheid (1 Pet. 2:19-20).

Die waarheid is dat die juk van gebondenheid op *diegene wat sondig* is (Joh. 8:34) — **nie** op die wat God se gebooi onderhou nie. God se wette is heilig, regverdig en goed (Rom. 7:12). Jesus het gekom om die hele wet te vervul en uit te brei, wat liefde teenoor mekaar is (Rom. 13:10). Petrus het dit so gestel: “En eindelijk, wees almal eensgesind, medelydend, vol broederliefde en ontferming, vriendelik. Vergeld geen kwaad

met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën intendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle

seën kan beërwe” (1 Pet. 3:8-9). God se wet is altyd die maatstaf van geregtigheid maar Christene moet daardie wet

altyd met barmhartigheid toepas.

Die waarheid wat byna niemand weet nie (Vervolg vanaf bladsy 7)

die Vuurpoel! In hulle vorige lewens het hulle **nie** die enigste naam wat gegee is onder die hemel, waardeur ons verlos moet word, aangeneem nie. Hulle het **nie** werklik van hulle verkeerde weë “bekeer” (Hand. 2:38) en hulle lewens aan Christus **oorgegee** en Hom toegelaat om — deur die Heilige Gees — hulle te vorm en te maak en om hulle te help om “toe [te] neem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus” nie (2 Pet. 3:18).

God het **nie** dubbele standarde nie! Hierdie tallose **biljoene** individue verdien om 'n **werklike** kans te kry — om geoordeel te word volgens wat hulle doen **nadat** hulle God se Waarheid geleer het! Nogtans het talle teoloë en predikante (**self mislei**) probeer voorstel dat God tog baie van ons onberouvolle vriende en familie-lede en menigtes uit die verlede sal red, **sonder** dat hulle ooit tot werklike **bekering** gekom het en hulself waarlik aan die lewende Christus **oorgegee** het. Hierdie teoloë kan nie *verder van die waarheid* af wees nie!

Mag God u egter help om die waarheid te verstaan oor die “ongeredde” **biljoene** Boed-

dhiste, Sjintoïste, Moslems en ander van hierdie en vorige eras, wat **nooit** 'n ware geleentheid gehad het om Jesus Christus aan te neem nie en van al die ander **biljoene** mense van die hede en die verlede, wat slegs van 'n *vals Christus* geweet het (2 Kor. 11:4), maar wat hulle nooit **werklik oorgegee** het, sodat die Christus van die Bybel hulle lewens kon **regeer** nie!

Geen ander verduideliking van hierdie *godsdienstige dilemma* maak sin nie! Die antwoord was nog altyd in *u eie Bybel*. Hier word **nie** gepraat van 'n “tweede kans” nie. Onthou, ons praat slegs van 'n **werklike** geleentheid om die Waarheid te leer en dit te gehoorsaam, wat 'n *getroue en regverdige* God op Sy tyd aan hierdie menigte mense sal onthul.

Met enkele uitsonderings, verstaan *slegs* diegene in God se Kerk hierdie wonderlike waarheid! Soos God se woord aan ons sê: “Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand” (Ps. 111:10). Mag God u help om te begin verstaan aangaande die groot **doel** wat God hier op die Aarde uitwerk. Dan sal u beter verstaan waarom belydende

“Christene” dikwels lieg, kul, steel, owerspel pleeg en duisende mekaar uitmoor in verskeie oorloë tussen belydende Christen nasies in Europa en elders, asook waarom selfs die mees moderne kerkgangers bitter min kennis van die Bybel het, ten spyte van Jesus se opdrag: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van **elke woord van God**” (Luk. 4:4).

Die reine *waarheid* is dat God die meeste mense nie nou “roep” tot werklike begrip en redding nie. Tensy hulle *willens en wetens* God verwerp (Heb. 10:26-27) — sal hulle 'n **werklike** geleentheid kry om te *verstaan*, om werklik **berou** te hê oor hulle sondes en om waarlik “bekeer” te word in die Groot Wit Troon Oordeel.

Indien u selfs nog meer inligting en Bybelse bewyse wil hê aangaande hierdie lewensbelangrike onderwerp, kontak ons asseblief en versoek u *gratis* eksemplaar van ons ten volle gedokumenteerde boekie, *Is hierdie die enigste dag van redding?* Indien u belangstel, versoek 'n meegaande boekie — *Hervestig die Christenskap van die Apostels* — wat u sal help om te verstaan hoe en

Na God se Eie hart (Vervolg vanaf bladsy 17)

skepsele! Daar is die see, groot en alkante toe wyd — daar is 'n gewemel sonder getal, klein diere saam met grotes” (verse 24-25).

Koning Dawid van Israel het uit die diepste van sy wese uitgeroep: “Ek wil sing tot eer van die HERE solank as ek lewe, ek *wil psalmsing tot eer van my God solank as ek daar is*. Mag my oordenking Hom welgevallig wees; *ék sal bly wees in die HERE!* Mag die sondaars

omkom van die aarde en die goddelose mense nie meer wees nie! Loof HERE, o my siel! Halleluja!” (verse 33-35).

Sal ek en u “sing tot eer van die HERE” solank as wat ons lewe? Sal ons “psalmsing tot eer van God” solank as wat ons bestaan? Is ons hemelse Vader en ons persoonlike Here, wat vir ons gesterf het — Jesus Christus, “die Here God van die leer van Israel” — die *ware fokus* van ons lewens, ons planne en

alles waarop ons hoop?

Broeders, laat ons opreg bid tot God dat ons — *asook al ons broeders in God se Kerk* — mag leer om God “te soek” met ons hele hart, met Hom te *wandel*, Hom *lief te hê*, altyd te prys, te dank en te aanbid *soos koning Dawid dit gedoen het!* Dan sal ons werklik mense word “na God se eie hart”. Dan sal God ons seën, verlos, genees en in elke opsig “Sy aangesig op ons laat skyn” soos nog nooit tevore nie.

Strewe na uitmuntendheid (Vervolg vanaf bladsy 19)

(soortgelyk aan Suid-Afrika se R5 winkels), geword” (bl. 33). Sam Walton moes baie hard gewerk het om te kon slaag op dié manier, wat hy gedoen het.

Ons almal bewonder die apostel Paulus se hartstog vir Jesus Christus. Paulus het egter ook 'n passie vir werk en die bereiking van sy doel gehad. Paulus sê: “Maar deur die genade van God is ek wat ek is, en sy genade aan my was nie tevergeefs nie; maar ek het oorvloediger **gearbei** as hulle

almaal; nogtans nie ek nie, maar die genade van God wat met my is” (1 Kor. 15:10). Omdat hy Christus liefgehad het en hy “nie bang was” vir *harde werk nie*, het die apostel Paulus klaarblyklik meer evangelisasie gedoen, meer kerke gestig en meer boeke in die Nuwe Testament geskryf as enige ander man! Wat 'n pragtige **beloning** gaan Paulus ontvang wanneer Christus terugkeer as Koning van konings.

As ons selfs maar net matiglik

suksesvol wil wees in hierdie lewe, sal ons moet leer om ons tyd en talente wys te gebruik. Ons sal bereid moet wees om “die ekstra myl” in baie gevalle te loop. Bo en behalwe dit alles, sal ons moet leer om “voluit” te *werk*, te *dien* en om alles wat ons doen met **ywer** te doen in voorbereiding vir die Koninkryk van God, want Christus Homself sê: “En kyk, Ek kom gou, en my *loon* is by My, om elkeen te *vergeld soos sy werk sal wees*” (Openbaring 22:12).

Die hantering van beproewings (Vervolg vanaf bladsy 23)

motiveer om baie versigtig te wees aangaande “ons eie ding doen”! Ons moet eerder nederig en naarstiglik probeer om gehoorsaam te wees aan God se opdragte, ag te slaan op Sy waarskuwings en die Christelike voorbeeld en opdragte te volg van diegene wat God gekies het om Sy werk te lei. Dit is wat Christus gedoen en geleer het. Deur Sy voorbeeld te volg, kan

ons verhoed dat ons ooit die swaar beproewings sal moet verduur wat God oor diegene gaan bring wat daarop aandring om dinge op hulle eie manier te doen.

Niemand hou van 'n beproewing nie. Beproewings is nie aangenaam nie, maar is egter deel van die menslike ondervinding. Baie kan vermy word as ons waaksaam bly vir

potensieël gevaarlike situasies en leer om die gevolge van die besluite wat ons neem te oorweeg. Ons kan ook ernstige beproewings vermy as ons wyse raad en advies soek — en ontvanklik is daarvoor. Wanneer ons nie beproewings kan vermy nie, bied die Bybel ons die bemoedigende perspektief dat God beproewings gebruik om ons te help groei en dat Hy ons

Vervolg op bladsy 28

Die waarheid wat byna niemand weet nie (Vervolg vanaf bladsy 25)

waarom die belydende Christendom die spoor byster geraak het en waarvoor *ware* Christenskap gaan.

Die Ewige God sê aan ons in Sy woord: "Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes" (Jes. 55:8-9). God werk dikwels

Sy weë uit op 'n manier waarop mense nie sou nie. Soos ons gesien het, maak die Bybel dit baie duidelik dat God nie *in hierdie tyd* alle mense desperaat probeer "red" nie. Na Christus se duisendjaar-regering op Aarde tydens die Millenium — sal 'n **wonderbaarlike gebeurtenis** plaasvind wanneer almal wat ooit geleef en gesterf het, sonder om God se *doel* en die volle *Waarheid* te verstaan, uit die

dode opgewek word en 'n **werklike** geleentheid gegee word om hulle lewens aan God oor te gee en sodoende te kwalifiseer om *volle* kinders van God en lede van Sy ewige Koninkryk te word. Dit is voorwaar Goeie Nuus vir almal van ons wat geliefdes het wat geleef en gesterf het, sonder om ooit God en Sy *groot doel* te verstaan.

'n Stryd van Arende (Vervolg vanaf bladsy 12)

wegdra (Esegiël 17:1-16). Die arend is al vir eeue die simbool van Duitsland.

Vandag is Duitsland 'n bondgenoot van Amerika en Brittanje. Bybel profesieë dui egter aan dat Israel se bondgenote — insluitend Assirië — skielik sal verander na vyande van Israel (Esegiël 23:5-24). God gaan die Duitsers se merkwaardige aanlegte gebruik — insluitend hulle militêre bekwaamheid — om Sy doel te bereik. Duitsland sal God se werktuig van tugtiging wees omdat "wanneer hulle oorlog maak, doen hulle die werk, soos hulle dit in vredestyd doen, so deeglik, doeltreffend en wenslik as moontlik, sonder om links of regs te kyk, soos die gehoorsame werksmense wat hulle is" (Barzini, bl. 94). Nadat hierdie werk afgehandel is, sal God nodig hê om die "grootheid van die hart van Assirië se koning en ook die gepraal van sy

hoë oë" te straf, omdat hy spog dat hy dit deur sy eie krag en wysheid gedoen het (Jesaja 10:12-13). Uiteindelik sal die Duitsgeleide Europese Federasie en die Israelitiese nasies dieselfde lesse moet leer — dat trotsheid moet plek maak vir nederigheid (Sagaria 10:10-11) asook dat gehoorsaamheid aan die wette van God, ongehoorsaamheid moet vervang. Nadat hierdie lesse geleer is, sal God die merkwaardige talente van die Duitsers gebruik om die verpletterde samelewings in die Koninkryk van God te herbou. God openbaar dat "in dié dag sal Israel die derde wees naas Egipte en Assirië, 'n seën in die midde van die aarde... Geseënd is my volk Egipte en *my maaksel Assirië* en my erfdeel Israel!" (Jesaja 19:24-25).

Kritici mag spot met hierdie scenario, maar Bybel profesieë omtrent Israelitiese nasies en

hul eindtydse teenstander — Assirië — is baie duidelik. Simbole van nasionale identiteite help om Bybelprofesieë wat sin maak oop te sluit vir die tendense wat besig is om te ontwikkel in die wêreld vandag en om te openbaar waarheen wêreldgebeure op pad is. Dit is waarom ons aangeraai word om die Skrif te bestudeer (2 Timotheus 2:15) en om wêreldgebeure dop te hou (Markus 13:32-37), sodat ons nie onkant gevang word wanneer hierdie dinge begin gebeur nét voor Jesus Christus se wederkoms nie. Alleen diegene wat op en wakker is, wat hulle bekeer en verander het (Handelinge 2:38-40), wat aanhou om die werk te doen wat Jesus aan hul opgedra het — sal hierdie komende stryd van arende vryspring (Openbaring 3:8-13). Gaan dit *ú* insluit?

Die hantering van beproewings (Vervolg vanaf bladsy 26)

deur die beproewing sal help as ons ons deel doen. As ons leer hoe om die probleme van die lewe te hanteer en ons die vaardighede en karakter ontwikkel wat nodig is om die

beproewings te oorkom wat deel is van alle mense, sal God in staat wees om ons te kan gebruik om saam met Christus te heers en die mense van hierdie wêreld weer op te voed in

die komende Koninkryk van God. Die beproewings wat ons verduur en oorkom in hierdie lewe, kan trappe word tot 'n ontsagwekkende en belonende toekoms.

Persoonlik (Vervolg vanaf bladsy 2)

te hê, kan ons lewens meer verryk as wat ons onself kan voorstel. Ten spyte van die toenemende verwarring in hierdie wêreld, sê die Almagtige God vir ons: "Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus" (Fil. 4:6-7).

Indien u *God* werklik *ken* en leer om u *vertroue in Hom te plaas*, sal die verskriklike gebeure wat oor die volgende vyf tot 15 jaar gaan plaasvind, u **nie** verwar of ontmoedig nie, want u sal weet — en **weet dat u weet** — dat die groot Skepper wat vir ons lewe en asem gee, beslis in *beheer* is. U sal die apostel Paulus se geïnspireerde stelling *glo*: "En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is" (Rom. 8:28). U sal Paulus se stelling verstaan: "WAT sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees?" (vers 31).

Die ware Jesus Christus van die Bybel is *nie* dood nie! Hy leef tans — Hy staan aan die regterkant van die Vader in die

hemel (Hand. 7:55). Op hierdie stadium is Hy en die Vader besig om — tot sodanige mate dit nodig is — in te gryp en wêreldgebeure te lei en te orkestreer om hulle groot Plan te vervul.

Jesus Christus het spesifiek hierdie komende jare, in hierdie "eindtyd", as die mees ontstuimige tye van die aarde se geskiedenis, beskryf: "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Mat. 24:21-22). Christus gee opdrag aan Sy ware volgelinge om Hom en die Vader te gehoorsaam: "En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?" (Luk. 6:46).

Daarenteen, vir diegene wat hulle lewens werklik aan God *oorgegee* het, het Jesus hierdie wonderlike woord van bemoediging: "En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is. Toe vertel Hy hulle 'n gelykenis: Let op die vyeboom en al die bome. Net soos hulle bot, weet julle vanself, as julle dit sien, dat die

somer al naby is. So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur. Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie" (Luk. 21:28-32).

lewers op hierdie aarde is ware dienaars van die lewende God. Jesus gee opdrag aan Sy ware predikers: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die ewangelië aan die gans mensdom" (Mark. 16:15). Dit beteken om die **ware antwoorde** wat in Sy Woord is, te verkondig. God sê vir ons deur die profeet Amos: "Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie?" (Amos 3: 7-8). In Sy genade het God *u* in kontak gebring met **Sy** dienaars wat nou sy werk doen. Deur Sy genade het ons in hierdie werk die werklike "antwoorde" op die groot vrae in die lewe. Ons wil dit opreg met u deel op elke manier wat ons kan. Mag God u help om te verstaan en hierdie geleentheid ten volle te benut.

